
November - Desember 2010

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 9, No. 6 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2009 *Tomorrow's World*-tydskrif



## *Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Is ateïste werklik "dwase"?

Ek het twee koerantberigte voor my waarmee ek ten sterkste verskil. Alhoewel ek oor die algemeen baie van die "*Wall Street Journal*" *hou* en die artikels en redaksionele kommentaar baie behulpsaam en stimulerend vind, is die artikels waarna ek verwys – volgens my opinie – geskryf deur 'n paar "geleerde dwase". Dit is geskryf deur die welbekende wetenskaplike, Richard Dawkins, en skryfster van godsdienstige artikels, Karen Armstrong. In 'n artikel met die opskrif "Mens teenoor God" (*WSJ*, 12 September 2009), "debatteer" hulle oor evolusie, wetenskap en die rol van godsdiens. Dawkins spreek hom sterk uit teen die idee van 'n ware God en teen godsdiens in die algemeen. Hy beweer: "Evolusie is die heelal se grootste werk. Evolusie is die skepper van lewe, en lewe is moontlik die mees verrassendste en pragtigste voortbrenging wat die wette van fisika ooit voortgebring het".

Dawkins gaan verder om gek te skeer met God en om die glorie van evolusie te beskryf. Is sy soort van beredenering egter op *feite* gebaseer? Is sy veronderstelde "wetenskaplike benadering" heeltemal noukeurig en ordelik?

**Nee!**

In sy opmerkings waar hy Darwin se opvattings aanprys en God swartsmeer, sê Dawkins opgeruimd: "Wat is so besonders aangaande lewe? Dit skend nooit die wette van fisika nie. Niks doen dit nie (as iets dit sou doen, sal fisici net nuwe wette moet formuleer – en dit het dikwels genoeg in die geskiedenis van wetenskap gebeur). Alhoewel lewe nooit fisiese wette skend nie, stoot dit daardie wette in onverwagte kanale wat die verbeelding laat steier".

Sien u Dawkins se probleem? Hy *begin* met 'n reeds bestaande heelal. Hierdie heelal het basiese "wette" wat hy erken *nooit gebreek word nie*! Later gaan hy voort om weereens te erken, "nie eenmaal word die wette van fisika geskend nie, nogtans ontstaan lewe in ongekarteerde gebied".

*Dink na oor* hierdie ongerymde beredenering!

Hierdie veronderstelde "groot" wetenskaplike erken dat "die wette van fisika nie eenmaal geskend word nie". Hy faal nogtans op die een of ander manier om te begryp dat iets of *iemand* hierdie wette van fisika, en die hele heelal wat gevul is met onskendbare wette, moes **geskape** het. Dit is vir die meeste eerlike, opregte en denkende mense duidelik dat die interafhanklike en oorvleuelende wette van fisika, chemie, en ander gebiede van die wetenskap deur 'n Hoër Mag – 'n **ontsagwekkende** Wese – met 'n verstand ver bo die menslike verstand, geskape *moes* gewees

het. Hy het hierdie wette in werking gestel en die skoonheid, die keurigheid en die bestendigheid van hierdie heelal geskep om die wette wat ons lewens beheer *in stand te hou*.

Soos briefskrywer, Joseph Furman, 'n week later antwoord in reaksie op hierdie artikel: "Ek het slegs twee semesters fisika op kollege gehad, dus moes ek die deel gemis het waar mnr. Dawkins se veel-geroemde wette van fisika die mens begin toelaat het om lief te hê, te lag en te huil" (*WSJ*, 19 September 2009).

*Wie inderdaad* het die *skeppende verstand*, wat slegs die mens besit, tot stand gebring – en die vermoë om terug te staan en vir homself te lag, om lief te hê, om somtyds te gee sonder om iets terug te verwag en om 'n diep geestelike hunkering te hê met die besef dat daar 'n hoër mag *moet* wees?

Die sogenaamde "wetenskaplikes" wat probeer om die basiese werklikheid te *omseil* van 'n hele heelal gevul met *standhoudende wette* en 'n menigte van skepsels en skeppings wat op mekaar inwerk op so 'n wyse dat dit pragtig "saamwerk" – hierdie mense skiet inderdaad tekort aan insig en wysheid. Soos die psalmdigter geskryf het: "Die **dwaas** sê in sy hart: Daar is geen God nie" (Psalm 14:1).

Vir háár aandeel dwaal godsdiensskryfster, Karen Armstrong, rond met

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – Is ateïste werklik "dwase"?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**China se eeu?** 3
Met omtrent een vyfde van die hele wêreld se bevolking, bly China 'n raaisel vir baie mense in die Weste.

**Die waarheid aangaande 2012: Hollywood vs. die Mensdom** 8
Indien u nog nie blootgestel was aan die 2012 "profesieë" wat so wyd geadverteer word nie, sal u spoedig wees. Kan u egter die waarheid uitvind te midde van die media-sirkus?

**'n Sagmoedige Bul?** 13
Stadig, bietjie vir bietjie, vervang die EU die infrastruktuur en simbole van sy lidlande.

**Die rede vir die Kersseisoen** 16
Biljoene mense word elke jaar vasgevang in Kersfeesvierings, maar verstaan hulle werklik die waarheid aangaande Christus se geboorte?

**Binnekort hier: 'n Omwenteling in Onderwys!** 20
'n Groot deel van moderne onderwys is geskoei op ateïstiese of selfs anti-God beginsels.

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org


**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besigheidsbestuurder**
J. Davy Crockett, III

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen



**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIË:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (061) 8 8383 6288
Faks: (061) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 2B9
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303



**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**



© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou


**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# China se eeu?

## Deur Roderick C. Meredith

***Met omtrent een vyfde van die hele wêreld se bevolking, bly China 'n raaisel vir baie mense in die Weste. Duisende jare gelede was China 'n imperiale staat met grootse ambisies van gebieds- en selfs wêreldoorheersing. Alhoewel dit deur die 20ste eeu geskud was deur oorlog en ekonomiese rampe, word daar by die aanbreek van die 21ste eeu gesien dat nuwe aandag geskenk word aan China as 'n ekonomiese en politieke supermoondheid in wording. Wat openbaar u Bybel oor China se toekoms en sy plek in eindtydse profesieë? Die antwoord mag u verras!***

Sestien jaar gelede toe finansier Philip Schaefer 'n konferensie vir beleggers, onder die titel "Die Chinese Eeu: Vanaf Wallstraat tot die Groot Muur", georganiseer het, het baie min mense nog die sinsnede "die Chinese Eeu" gehoor as beskrywend van daardie geheimsinnige nasie se opkoms tot 'n nuwe vlak van wêreldmag.

Deesdae, met Amerika se snelle agteruitgang en beleggers soos Warren Buffet wat openlik verklaar dat die 21ste eeu "China se Eeu" is, gee baie meer mense aandag. Met die Chinese nasie wat hard werk om die Weste te oortref op beide ekonomiese en militêre gebied, is dit bestem om die wêreld binnekort te oorheers op die wyse wat Amerika en Brittanje in staat was om dit te doen gedurende die laaste eeu? Sal die 21ste eeu inderdaad "China se Eeu" wees?

Met 'n beraamde bevolking van 1.3 miljard, is China die nasie met die grootste bevolking op aarde. Dit het *by verre* die grootste finansiële reserwes van alle nasies – wat nou beraam word op US$2.1 **biljoen**! China se militêre- en vlootmagte word voortdurend ontwikkel. Mense wat China dophou het agtergekom dat die nasie doelbewus 'n koers beplan het wat ekonomiese groei met militêre mag verbind. China se gemiddelde groeikoers van rofweg 9% oor die afgelope 20 jaar het gelei tot 'n **tienvoudige** toename van die per capita Bruto Binnelandse Produk (BBP) en 'n *21-voudige* toename van koopkrag vir militêre *uitgawes*. China werk dus stadig maar seker daaraan om sy gewapende magte te omskep in 'n volskaalse militêre mag wat in staat sal wees om Chinese mag reg oor die wêreld te kan projekteer.

Joernalis Willy Lam berig vroeër vanjaar in 'n artikel in die *Wall Street Journal*: "China het onlangs aangekondig dat sy BBP gegroei het met meer as 7.1% in die eerste helfte van hierdie jaar, wat die land op koers plaas om Japan as die wêreld se tweede grootste ekonomie teen die einde van hierdie jaar te vervang. Dit is egter nog nie tyd om al fees te vier nie. Boere en trekarbeiders, wat meer as 65% van China se 1.3 miljard mense uitmaak, baat nie veel by hierdie groei nie. Baie daarvan word opgehoop deur die sentrale regering. Verlede jaar het Beijing belasting en ander heffings van meer as ses biljoen yuan ($878 miljard) geïn, 'n ongelooflike vier biljoen yuan meer as vyf jaar gelede. Sedert die draai van hierdie eeu het fondse wat in die koffers van die Beijing tesourie gevloei het, met nagenoeg 22% per jaar vermeerder, meer as dubbel die gemiddelde 10% BBP groeikoers van die afgelope twee dekades" ("*Rich China, Poor Peasants*", 24 Julie 2009).

Dus sal China binnekort die *tweede grootste* ekonomie in die wêreld wees – net 'n kortkop agter Amerika. Soos 'n ander artikel in die *Wall Street Journal* berig: "Die Pentagon beskou China as die land met die grootste moontlikheid om iewers in die jare wat kom, oor die vermoë te beskik om Amerika militêr, op 'n wêreldwye skaal, uit te daag ... Adml. Wu Shengli, die hoofoffisier in die Chinese vloot – amptelik bekend as die Volksbevrydingsweermag Vloot – het gesê dat die diens vinniger sal beweeg om sy arsenaal te moderniseer en om groter en meer geskikte oorlogskepe te bou 'om die vermoë om in gemeenskaplike gebiedswaters seeoorloë te veg, te versterk' deur hoë tegnologiese wapentuig te gebruik. In 'n onderhoud met

China se amptelike Xinhua nuusagentskap net voor die vloot se 60ste herdenking die volgende week, het hy ook gesê dat die vloot sy vermoë om op die oop see te kan opereer, sal verbeter. Ander beamptes het in die afgelope maande gepraat van China wat sy eerste vliegdekskip bou, en het sodoende bygedra tot Amerika se besorgdheid dat China sy mag wil laat geld" ("*China, Friend or Foe*?", 18 April 2009).

Dit is nogtans belangrik om te besef dat die Chinese hulself vir *baie dekades* beskou het as agterruiters op die wêreldtoneel – 'n verskriklike verleentheid vir 'n nasie wat waarde heg aan sy historiese verlede as 'n groot wêreldmag. Ten spyte van China se vervloë glorie, was die nasie vir baie eeue teruggehou deur 'n reeks van swak regerings en onverstandige probeerslae. China het hulself voortdurend gedomineerd gevind deur die Amerikaners of die Engelse. Die kommunistiese rewolusie het toe begin – en skielik het miljoene Chinese begin om 'n gevoel van trots in hul eie regering te hê, iets wat hulle voorheen kortgekom het. Kommunisme is sekerlik **nie** die antwoord op die mensdom se probleme nie. Desnieteenstaande het dit aan miljoene Chinese 'n sin van betekenis gegee en stadig het die nasie 'n mate van selfvertroue begin ontwikkel en, ook stadig selfs 'n mate van materiële voorspoed en militêre mag, wat dit vir baie, baie dekades nie geniet het nie. Dit is dus nie buitengewoon om te dink dat so 'n nasie graag 'n mate van hul oorheersing in Suidoos Asië sal wil terugwen nie.

Baie mense begin nou aandag skenk. Die hoog aangeskrewe beleggingsadviseur, Jim Rogers, het nie so lank gelede nie sy gesin vanuit Amerika na Singapoer verskuif, en gesê dat hy graag nader wil wees aan waar die "ware aksie" is in die toekomstige ekonomiese stelsel van die wêreld. Rogers is bekend daarvoor dat hy aan ondervraers sê dat hy sy dogters aangeraai het om Mandaryn Chinees te leer, sodat hulle voorbereid kan wees vir die toekoms! Wat is sy beweegrede? Lees wat het hy onlangs aan die tydskrif, *TIME*, gesê: "Regdeur die geskiedenis het die middelpunt van die wêreld verskuif na waar die kapitaal is, waar die bates is. U sien geen tydperk in die geskiedenis waar dinge na die skuldenaars verskuif het nie en Amerika is die grootste skuldenaar-nasie in die wêreld se geskiedenis. Tensy dinge hierdie keer anders is, tensy die wêreld baie, baie dramaties verander het, sal die middelpunt van invloed, die middelpunt van mag, die middelpunt van die aarde, die middelpunt van die aardbol, in die rigting van Asië verskuif, omdat dít is waar al die geld is. Het u al ooit gehoor van iemand wat sê: 'Laat ons gaan na waar al die skuldenaars is?' Dinge gebeur eenvoudig net nie op daardie manier nie" ("*Q&A: Investment Guru, Jim Rogers*", 28 April 2009).

Is Rogers reg? Of ***is*** iets op die punt om baie, baie dramaties te verander? Die werklike vraag is: *Waarheen gaan dit alles lei*? Wat gaan werklik gebeur? Wat dui die *geïnspireerde* Woord van God aan?

**God se openbaring**

Op verskeie plekke in u Bybel dui God duidelik aan dat Hy in beheer is van al die belangrikste wêreldgebeure. In die boek van Daniël lees ons dat antieke Koning Nebukadnésar vir sewe jaar van sy mag onthef was en gras moes eet soos beeste, ten einde *hom 'n les te leer*. Wat *was* daardie les? God antwoord: "... totdat jy *erken* dat die Allerhoogste **mag het** oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil" (Daniël 4:32). Selfs die meeste belydende Christene *verstaan nie* die **realiteit** van God se beslissende outoriteit en hoe **werklik** God regtig is nie. *In hierdie huidige geslag* sal hulle egter begin verstaan – aangesien God meer kragtig as ooit tevore begin ingryp in menslike sake. Weereens, God se geinspireerde Woord sê aan ons: "Die HERE vernietig die raad van die nasies, Hy verydel die gedagtes van die volke. Die raad van die HERE bestaan vir ewig, die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag" (Psalm 33:10-11).

Alhoewel China nou besig is **–** en toenemend sal voortgaan **–** om een van die magtigste en invloedrykste nasies in die wêreld te word, openbaar u

Bybel duidelik dat dit **nie** *die* grootste bedreiging vir Amerika sal word nie. Ons 21ste eeu sal **nie** "China se Eeu" wees nie.

God se geïnspireerde Woord sê eerder aan ons dat 'n magtige ryk in Europa sal verrys – een wat in werklikheid *die hele wêreld* ekonomies en handelsgewys sal ***domineer***. Indien ons die *Bybel toelaat om homself te interpreteer* – sal dit nie nodig wees dat ons moet "raai" wie hierdie mag is, of waar dit moontlik sal verrys nie.

Soos bykans alle Bybelstudente weet, het die Almagtige God deur Daniël 'n reeks van *vier koninkryke* openbaar wat op die wêreldtoneel sal verrys – die vierde sal uiteindelik ontwortel word deur die "vyfde koninkryk" wat *letterlik* die regering van God onder Jesus Christus sal wees (Daniël 2:36-45). Toe Hy die "vierde Koninkryk" beskryf het, sê God se woord aan ons: "Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan" (Daniël 2:44). As ons die beskrywings van hierdie vier dominante ryke soos aangeteken in Daniël 2 en Daniël 7 saam lees, is dit duidelik dat die "vierde dier" die *Romeinse Ryk* is. God gaan voort met die verhaal in Openbaring 13. Hier het ons 'n beskrywing van die "herleefde" Romeinse Ryk wat voortduur tot in die Middeleeue. Alhoewel die oorspronklike Romeinse Ryk in 476 n.C. ondergegaan het met 'n "dodelike wond", was daardie wond "genees" toe Justinianus in 554 n.C. die Heilige Romeinse Ryk laat herleef het – met ses verdere herlewings wat sou volg (Openbaring 13:3).

Johannes beskryf hierdie ryk verder: "En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen. En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster. Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie" (Openbaring 13:4-7). Hierdie ryk was 'n baie magtige ryk, wat – onder die invloed van die pousdom – die ware heiliges van God gruwelik *vervolg het* en gedurende die Donker Middeleeue, God se Kerk so te sê heeltemal uitgewis het.

Dan, egter in nog 'n geïnspireerde visioen, sien Johannes "uit die aarde ... 'n ander dier ... opkom" (vers 11). Hierdie dier het soos 'n "lam" gelyk – net soos Jesus Christus wat regdeur die Bybel as 'n "Lam" beskryf word. Nogtans het hierdie dier "gepraat soos 'n **draak".** Die term "draak" word regdeur hierdie einste boek – die boek van Openbaring – gebruik om Satan die duiwel aan te dui "*wat die hele wêreld **verlei***" (Openbaring 12:9).

Die "tweede dier" wat in Openbaring 13:11-18 beskryf word, is baie duidelik 'n groot *godsdienstige mag* wat die *hele mensdom mislei*. Hierdie mag sal ook *ontsagwekkende wonderwerke* verrig aan die einde van hierdie tydperk. "Hy doen ook *groot tekens*, sodat *hy selfs* **vuur** *uit die hemel laat neerdaal* op die aarde voor die oë van die mense. En hy **verlei** die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het" (verse 13-14).

Hierdie godsdienstig-politiese mag is nou in wording in die Europese vasteland. In die begin sal dit lyk asof hierdie mag "goed doen", maar uiteindelik sal dit die godsdienstige, finansiële en politiese leisels van mag in die Westerse wêreld *oorneem*. Sy oorheersing van handel en finansies sal selfs *oor die hele aarde* strek.

Openbaring 18 beskryf hierdie moondheid – as 'n moderne "Babilon". God se Woord sê: "Omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk

geword het deur die mag van haar weelderigheid" (Openbaring 18:3).

Uiteindelik beskryf God egter die vernietiging van hierdie stelsel wanneer "... die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie" (vers 11). God se Woord stel dit so: "Wee, wee die groot stad ... omdat in een uur soveel rykdom verwoes is! En elke stuurman en die hele menigte op die skepe, en die matrose en almal wat die see bevaar, het ver weg gaan staan en het uitgeroep toe hulle die rook van haar verbranding sien, en gesê: Watter *stad* is soos die groot stad?" (Openbaring 18:16-18). Dus sal hierdie magtigste politieke, militêre en handelsmag op aarde gestig word teen die eindtyd – 'n mag wat oorheers en sterk beïnvloed sal word deur 'n *vals* godsdienstige stelsel: "En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is" (vers 24).

**Wie se Eeu sal dit wees?**

Nee, ons 21ste eeu sal **nie** uiteindelik die "Eeu van China" wees soos baie politieke en ekonomiese voorspellers verwag nie. Ten spyte van Europa se kortstondige opkoms in die jare wat voorlê, sal dit ook nie die "Eeu van Europa" wees nie. God se Woord maak dit egter duidelik: Jesus Christus se wederkoms sal binnekort plaasvind, wat dit die *Eeu van Jesus Christus* sal maak!

Direk na die beskrywing van die algehele *vernietiging* van die laaste "dier"-moondheid, sê God se Woord aan ons: "En na hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag *aan* die Here onse God!" (Openbaring 19:1). In vers 11 sê God aan ons deur Johannes: "Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en *sy* **Naam** *is:* **Die Woord van God**. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here" (Openbaring 19:11-16).

*Waar sal dit dus alles eindig*? Dit sal eindig met die Wederkoms van die "Koning van die *konings*" wat binnekort voorlê – die Allerhoogste Alleenheerser, Jesus Christus wat in onuitspreeklike heerlikheid uit die hemel sal neerdaal! Dan sal die "laaste basuin" weerklink en engele stemme sal aankondig: "Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, *en Hy sal as Koning* ***heers*** *tot in alle ewigheid*" (Openbaring 11:15).

Regdeur die Bybel gee God aan ons duidelike aanduidings dat ons op die "uitkyk" moet wees vir die vervulling van *Sy geïnspireerde profesieë*. Hy – *en Hy alleen* – weet wat die einde is van die begin af. Daar is geen aanduiding van enige Chinese vlootmag in die Skrif se eindtydse profetiese panorama nie – maar kan 'n 200 miljoen-man sterk landmag vanuit die Ooste (Openbaring 9:16) saamgestel word sonder China? Kennis van Bybelse profesieë stel ons in staat om China se opbou dop te hou met inligting waaroor die wêreld se politieke kenners nie beskik nie!

Terwyl die wêreld se oë op China gerig is, sal studente van God se Woord weet dat die "werklike aksie" in Europa en in die Midde-Ooste sal plaasvind. Tien nasies of groepe van nasies sal verenig onder 'n oppermagtige diktator wat u Bybel die "Dier" noem. 'n "Koning van die Suide", suid van Jerusalem – die gebied waar ons die Arabiese Moslem nasies vind – sal hul magte in 'n dramatiese konflik met hierdie Europese "Dier"-moondheid lei en so die laaste eindtydse reeks oorloë ontketen wat sal uitloop op die wederkoms van Jesus Christus!

Ja, dit sal 'n aantal jare neem vir alles om volledig te gebeur. Terwyl ons egter wag en waak, behoort ons *op ons hoede te wees* vir die groot **doel** wat die Almagtige God hier benede uitwerk – deur mense te leer dat *ons weë* **nie** vrede bring nie. Die menslike ras is *nie in staat* om hulself te regeer nie. 'n Geesgeleide **Wêreldregering** onder Jesus Christus is die **enigste** oplossing vir die verskriklike leed en lyding wat elke nasie op aarde toenemend affekteer.

Werklikwaar, elkeen van ons moet uit die diepte van ons harte en dringend Jesus Christus se opdrag **gehoorsaam**: "**Waak** *dan* en **bid altyddeur**, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36). WvM

## Kom besoek ons gerus by ons Afrikaanse Webblad: http://www.wvm.co.za

***Vervolg vanaf bladsy 19 – Die rede vir die Kersseisoen***

want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode" (Deuteronomium 12:30-31). Weer, in hierdie konteks sê God: "Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie" (Deuteronomium 12:32).

Hierdie duidelike waarskuwings word herhaal in die Ou **en** die Nuwe Testament. Die profeet Jeremia het uitdruklik aan die Israeliete gesê: "Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid" (Jeremia 10:2-3). Jesus het selfs van godsdienstige mense van Sy tyd gesê: "Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is" (Mattheüs 15:8-9). Die apostel Paulus het soortgelyke waarskuwings gegee (1 Korinthiërs 10:6-7; 2 Korinthiërs 6:14-17). Ten spyte van hierdie duidelike waarskuwings getuig die geskiedenis van die Israeliete – en van die moderne belydende Christelike kerke – dat hulle God se duidelike opdragte ignoreer en rondom dit argumenteer. Rebelse mense het gewoontes wat God as boos bestempel, verruil vir die feeste wat God ontwerp het om hul van Sy groot plan van redding en die ware doel van lewe in herinnering te hou. Mense wat beweer dat hulle Christene is, het na vals leermeesters geluister wat "sleg goed noem en goed sleg" (Jesaja 5:20). Hulle is bedrieg deur godsdiensleiers "wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk" (Romeine 1:18), leiers "wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het [heidense gebruik] bo die Skepper" (Romeine 1:25).

U, persoonlik, kan egter 'n ander keuse maak. Wanneer u begin om die Bybelse feeste wat God ingestel het te onderhou, sal u begin verstaan waaroor die lewe gaan. Die Bybel en die wêreld om u sal, soos nog nooit tevore nie, begin sin maak. Die opgewondenheid en die vervulling wat u sal ervaar, sal die ligsinnigheid en valsheid van heidense vakansiedag-gebruike in vergelyking leeg laat lyk. Indien u dit nie alreeds gedoen het nie, skryf asseblief aan die streekkantoor die naaste aan u (soos gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) en vra om u gratis kopie van ons boekie, *Die Heilige Dae – God se meesterplan*. U sal dan waarlik die rede vir die seisoen begin verstaan! WvM

# Die waarheid aangaande 2012: Hollywood vs. die Mensdom

Deur Richard F. Ames

**Indien u nog nie blootgestel was aan die 2012 "profesieë" wat so wyd geadverteer word nie, sal u spoedig wees. Kan u egter die waarheid uitvind te midde van die media-sirkus? *Presies wat het Hollywood teen planeet Aarde?***

Of dit nou ook al gaan oor aardverwarming wat amok maak in films soos *The Day After Tomorrow* of groot meteoriete wat met die aarde bots in films soos *Armageddon* en *Deep Impact*, lyk dit of filmmakers dit in het vir planeet Aarde en sy mense! Klaarblyklik maak digitaal-verwerkte tonele van massavernietiging groot geld.

November 2009 bring 'n nuweling in hierdie rolprent kategorie in: Roland Emmerlich se epiese *2012.* Hierdie film met 'n "einde van die wêreld" tema, val kykers se sintuie aan met tonele van ondenkbare vernietiging, wanneer fliekgangers toekyk hoe hulpelose mense worstel om te oorleef. Deur gebruik te maak van supermoderne digitale effekte, bied die film verskriklike tonele van rampspoedige vulkaniese uitbarstings, ongeëwenaarde seismiese aktiwiteite (waar selfs hele kusstede in 'n honger see gewerp word!) en skrikwekkende realistiese tsunami's van ondenkbare hoogte, wat selfs hoër is as die wêreld se hoogste bergreekse.

Nogtans, agter al die rekenaargrafieke, is die film *2012* gewortel in 'n werklike wêreldse verskynsel: Die stygende histerie rondom die jaar 2012 – spesifiek die datum 21 Desember 2012. Groeiende getalle voorspellers voorspel die Aarde se rampspoedige vernietiging op daardie datum – terwyl, aan die ander einde van die spektrum, andere weer die aanbreek van 'n goue "New Age" vir Aarde en dié se inwoners verwag.

Verbasend genoeg, lyk dit of miljoene mense hierdie voorspellings ernstig opneem. Mense en groepe van nasies *reg oor die wêreld* hoop voedsel en voorrade op – gebruik soms selfs al hul spaargeld om grond op afgeleë bergtoppe te koop – alles "ter voorbereiding" vir die aardskuddende dinge wat hulle glo op 21 Desember 2012 sal gebeur.

Wat lê agter hierdie "2012 waansin?" Waarom glo so baie mense dat 21 Desember 2012 die einde van die wêreld sal wees? Hoe behoort Christene te reageer op hierdie voorspellings? Is daar enige manier om *werklik te weet* wat voorlê?

**Waarom 21 Desember 2012?**

Om te verstaan waarom so baie mense die datum 21 Desember 2012 as belangrik beskou, moet ons 'n bietjie kyk na die antieke Maja-beskawing – 'n kultuur wat vir 'n tyd lank in die Meso-Amerikaanse streek tussen Noord- en Suid-Amerika gefloreer het.

Die Maja het gebruik gemaak van baie verskillende kalenders om tred te hou met verskillende tydsiklusse. Een daarvan noem die geleerdes die "Langtelling Kalender" – wat die dae aandui wat verloop het sedert die Maja se mitologiese skeppingsdatum in Augustus 3114 v.C. Volgens die Langtelling Kalender, dui 21 Desember 2012 die einde van 'n era van 5,100 jaar aan.

Oor die algemeen het baie mense hierdie datum as die "einde" van die Maja kalender vertolk. Dit is egter waar die lesse van die geskiedenis eindig – en waar moderne "New Age" fantasieë begin! 2012 Het inderdaad die aanvaarde fokuspunt geword van 'n

*asemrowende* "dieretuin" van "New Age" astrologiese of okkultiese boodskappe oor wat gaan gebeur in die dae wat voorlê.

Vir baie mense is 2012 hul verwagte "einde van die wêreld" – maar presies *hoe* dit eindig of wat daardie einde beteken, hang af van wie u vra. Sommige mense voorspel dat 'n vernietigende wêreldwye vloed daardie jaar sal voorkom (in teenstelling met Genesis 9:11-17)! Andere weer verwag 'n rampspoedige ontwrigting van die aarde se magnetiese veld. Sommige mense voorspel selfs dat die aarde self in die ruimte sal omkantel, skielik die pole sal omkeer of om in die teenoorgestelde rigting te roteer. Ander voorsien weer dat vlamme van die son die aarde se oppervlakte sal skend, of dat kragte van 'n seldsame "inlynstelling van die melkweg" ongekende verwoesting op ons planeet sal aanrig.

Nog 'n groep toegewyde 2012 aanhangers glo vas dat die regerings en die wetenskaplikes van die wêreld inligting weerhou oor 'n planeet of klein ster wat aan die kom is en in 2012 met die aarde sal bots of byna daarmee sal bots – waarlik 'n sameswering van ondenkbare afmetings!

By die Cornell Universiteit sê sterrekundig-gegradueerde student, Ann Martin, dat baie mense angsbevange is. "'Dit is so erg dat ons e-posse kry van graad vier leerlinge wat sê dat hulle nog te jonk is om dood te gaan,' sê Martin. 'Ons het 'n ma van twee jong kinders gehad wat bang was dat sy nie sou leef om hulle te sien opgroei nie'" (*Associated Press*, 11 Oktober 2009).

Tog, aan die ander kant van die 2012 waansin, kry ons diegene wat verwag dat 21 Desember 2012 'n "ewolusie" van die mensdom sal inlui – 'n nuwe era van vrede, liefde en geluk wat niks minder sal wees nie as die "Tydperk van Aquarius" waaroor in die hippies se teenkulturele musiekblyspel *Hair*, gesing is! Hierdie nuwe tydperk van verligting, afhangende van u bron, mag kontak met buiteaardse wesens behels, buite-dimensionele intelligensie of die wydverspreide aanvaarding van denke-veranderende dwelms of hallusinogene as deel van die verwagte "inlynstelling van die melkweg".

Klaarblyklik, watter verwagting u ookal vir die toekoms van die mensdom mag hê – dood, vernietiging, dwelms of bevryding – die plek daarvoor op u kalender is 21 Desember 2012!

**Neem die bron in ag**

Gekonfronteer met so 'n verwarrende reeks voorspellings, mag ons begryplikerwys stilstaan en vra: "Waar op aarde het al hierdie idees vandaan gekom?"

Interessant genoeg, alhoewel hierdie idees dikwels verbind word met die Maja, voorspel hul antieke kultuur eintlik niks van die aard nie! Soos Dr. Stephen Houston, antropoloog by Brown Universiteit en 'n kenner van Maja hiërogliewe, opmerk: "Hierdie doemprofesieë het eintlik nie enige grond in wat ons weet van die Maja nie ... die Maja se beskrywings praat weinig oor hierdie gebeurtenis" (*ABC News, "Will the World End in 2012*?", 3 Julie 2008).

'n Baie meer siniese waardebepaling word gebied deur Dr. Sandra Noble, die uitvoerende direkteur van die Stigting vir die Bevordering van Meso-Amerikaanse Studies in Florida. Soos *USA Today* berig het op 27 Maart 2007: "Om 21 Desember 2012 te bestempel as 'n oordeelsdag of 'n oomblik van kosmiese verskuiwing, sê sy, is "'n algehele versinsel en 'n geleentheid vir 'n klomp mense om geld te maak'" ("*Does Maya calender predict 2012 apocalypse*?").

Inderdaad, die waansin rakende die jaar 2012 is 'n moderne verskynsel met moderne, "*New Age*" oorsprong!

Baie van die mees invloedryke mense wat die "2012-leer" gewild gemaak het, het openlik erken dat hul idees na hul gekom het deur die gebruik van hallusinogeense en psigedeliese dwelms, soos bv. dimethyltryptamine, of DMT. Hierdie persone beweer dat hul gebruik van dwelms hulle in staat stel om toestande van "verligte bewustelikheid" en "sjamaanse visioene" te verkry – wat hulle dan in staat stel om met vreemde, buite-dimensionele wesens te praat en van hulle

kennis te verkry. Baie mense wat betower is deur die gedagte aan wêreldveranderende gebeure in die jaar 2012, is onbewus van die "chemies ondersteunde" bronne van die inligting wat aan hulle gegee is.

Selfs die wetenskaplik-klinkende teorie van "inlynstelling van die melkweg" is vol gate. Robert Bonadurer, direkteur van die Daniel M. Soref Planetarium by Milwaukee se Openbare Museum, het dit duidelik gestel dat daar *geen* so 'n inlynstelling op daardie datum sal wees nie ("*Did the ancient Mayans predict the end of the world*?", *Milwaukee Journal Sentinal*, 18 April 2009).

Wanneer dit reg verstaan word, is die sogenaamde "inlynstelling van die melkweg" nie 'n wetenskaplike begrip wat uit die gebied van fisika of sterrekunde kom nie. Dit is liewer 'n bygeloof wat hoort by die gebied van *astrologie* – die aspek van die okkulte wat glo dat die rangskikking van verskillende hemelse liggame kragtig en onsigbaar die lotsbestemming van mense op aarde kan beïnvloed.

Soos ons kan sien, wanneer dit "onder die mikroskoop" geplaas word, kom die oorsprong van die 2012 verskynsel skerp en verontrustend in fokus: Astrologie en die okkultisme, gebruik van psigedeliese dwelms en sjamanisme, spiritualisme en "kanalisering" – en natuurlik die eenvoudige begeerte na geldelike gewin of hebsug deur diegene wat staatmaak op die liggelowigheid van die massas.

**'n Christelike evaluasie**

Wanneer gekonfronteer word met sulke wilde bewerings behoort 'n Christen die Bybelse opdrag te gehoorsaam: "**Bewys alle dinge**, behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21). Hoe vergelyk die bronne en aansprake betreffende 21 Desember 2012 met die toets van die Skrif? Sal u u Bybel glo en gehoorsaam?

Die Bybel is duidelik oor die gebruik van astrologie en inlynstelling van hemelliggame om die toekoms te voorspel: "So sê die HERE: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en ***skrik nie vir die tekens van die hemel***, omdat die heidene daarvoor skrik nie" (Jeremia 10:2). Christene word duidelik beveel om die praktyk en voorspellings van astrologie te *vermy*!

Word die gebruik van psigedeliese en hallusinogeniese dwelms in die Skrif veroordeel? *Ja!* Baie mense besef dit nie, maar die dwelmverwante gebruike van hedendaagse voorspellers of "sjamane" – sowel as die pogings om "buite-dimensionele wesens" te "kanaliseer" of te kontak – *duisende jare* oud is. In Bybelse taal word hierdie gebruike beskryf as waarsêery, towery, spiritisme, die gebruik van mediums en "gedienstige geeste"; en God *veroordeel* dit geheel en al as 'n gruwel in Sy oë (Deuteronomium 18:10-12; Levitikus 19:31; 20:27, et al.)!

Daar is werklik *glad geen rede* vir enigiemand wat in die God van die Bybel glo om vasgevang te word in die waansin rondom die jaar 2012 nie!

**Wat hou die toekoms egter in?**

Selfs vir die mees terloopse waarnemer, is dit nogtans duidelik dat ons in unieke tye leef. Vir diegene wat Christus se naderende wederkoms inderwaarheid verwag, is hierdie dae meer as uniek – hulle is *profeties*!

Gedurende die laaste paar jaar het ons die wêreldekonomie op die randjie van ineenstorting sien wankel, terrorisme sien toeneem tot skrikwekkende omvang, asook ontstellende chaos en verwarring in die politieke arena gesien. Dit lyk of weerpatrone meer onstuimig raak en natuurrampe selfs meer fel. Die wêreld se belangrikste nasie – die eens "onkwesbare" Verenigde State – is verneder soos nog nooit tevore nie. Dit lyk of skurkagtige nasies en onstabiele regerings daarop uit is om kernwapens te verkry en dit kom voor of die wêreld op die randjie van 'n ongeëwenaarde verandering is!

Is daar enige manier om werklik te ***weet*** wat voorlê? Is daar 'n tydbeproefde en betroubare gids na wat die toekoms inhou **–** *en* wat staan ons te doen ter wille van onsself, ons gesinne en ons geliefdes?

*Ja, daar is*!

God sê duidelik aan ons:

"En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet 'n volk nie **sy God raadpleeg** nie; *moet* vir die lewendes die dooies *gevra word?" (Jesaja 8:19). Ja, ons moet ons Skepper se wysheid soek, nie dié van* Nuwe Tydperk *"profete" nie.*

*Die Almagtige God is die Een wat kan verduidelik wat voorlê! "*Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is* God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen" (Jesaja 46:9-10).

Ja, God openbaar wel die toekoms aan diegene wat gewillig is om te luister. Wat Hy openbaar word uitgespel in die **bladsye van u Bybel**.

God se woord openbaar dat ongelooflike rampe oor ons planeet gaan kom in die jare wat binnekort voorlê. In besonder waarsku die Bybel van verskriklike vernietiging wat oor Amerika en die Britsafstammende volke gaan kom, wat sal lei tot die totale ***ineenstorting*** van hierdie nasies as wêreldmagte! Dit vertel ons ook van 'n oorlog wat uiteindelik sal uitbreek tussen 'n Duits-geleide Europese superstaat en nasies wat suid en oos daarvan lê. Hoewel Bybelse profesieë ***ons waarborg*** dat die wêreld nie in 2012 sal eindig nie, nog minder sal 'n nuwe wêreldwye tydperk van vrede, voorspoed en vreugde in daardie tyd ingelui word. Die Skrif deel ons uitvoerig dinge van vernietigende impak mee, wat plaas moet vind in die drie-en-'n-half jaar voor Christus se wederkoms. Hierdie gebeure het nog nie begin in November 2009 nie, dus kan ons seker wees dat Christus se wederkoms nie sal plaasvind op (of voor) Desember 2012 nie.

Enigeen van ons mag natuurlik enige tyd sterf, dus mag ons persoonlike "einde van die wêreld" lank voor Christus se wederkoms wees – wat beteken dat ons ons lewens vandag so moet leef asof Jesus Christus ons vannag gaan oordeel!

Wat sê Bybelse profesie dus aan ons sal gebeur in die jare wat binnekort voorlê? Dit openbaar dat die wêreld wel geskud sal word deur gebeure wat binnekort gaan plaasvind – selfs moontlik nog *voor* 2012!

Die Skrif praat van toekomstige natuurrampe – en ***bo***natuurlike rampe – van verskriklike skaal en omvang! Toe Hy die eindtyd aan Sy dissipels beskryf het, sê Jesus: "Die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander. En daar sal groot aardbewings op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiektes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom" (Lukas 21:10-11). Hierdie gebeure sal uiteindelik ***alle nasies*** raak, en op so 'n skaal as wat nog nooit voorheen op aarde gesien is nie! Verder aan in dieselfde hoofstuk waarsku Christus: "... daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in *hulle* radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word" (Lukas 21:25-26). Hierdie sal *nie* astrologiese "tekens" of "inlynstellings" wees nie – hulle sal werklike, aardskuddende *gebeure* in die hemele en op die aarde wees (vergelyk Openbaring 6 en 8)! Mense sal *letterlik* ***doodbang*** wees vir die gebeure wat gaan kom, soos beskryf in die boek van Openbaring en in baie profesieë in die Ou Testament!

Anders as die baie vae, sogenaamde "profesieë" met betrekking tot die oorbeklemtoonde 2012 verskynsel, beskryf u Bybel in besonderhede die toekomstige gebeure waarvoor ons op die *uitkyk* moet wees. God se woord waarsku ons byvoorbeeld oor wêreldwye godsdienstige misleiding – 'n deel daarvan is alreeds in werking – en die opkoms van 'n valse profeet wat wonderwerke verrig (2 Thessalonicense 2:7-12; Openbaring 13:11-15). Dit vertel van 'n wêreld-dominerende militêre en ekonomiese mag wat in Europa aan die opkom is en wat deur 'n magtige Duitsland gelei sal word, wat anders sal wees as enige Ryk wat die wêreld al ooit gesien het

(Openbaring 13:1-4). Ons word ook aangesê om op die uitkyk te wees vir 'n groep Arabiese nasies wat 'n eenheid bereik wat voorheen vir hulle nie beskore was nie (Psalm 83:4-7).

Intussen, in teenstelling met die vae "iets gaan gebeur" sentiment wat aan die 2012 waansin gekoppel is, is daar baie ***kragtige en spesifieke besonderhede*** wat die Skrif vir ons uiteensit – dinge waarvoor ons op die uitkyk moet wees voor Jesus Christus se wederkoms om Sy Koninkryk van ***vrede*** en ***mag*** oor die nasies te vestig! Sal die wêreld egter wakker skrik en aandag gee? *Sal* ***u***?

**Wat u moet doen!**

Een van die grootste misleidings wat veroorsaak word deur die omvangryke versameling 2012 voorspellings is die idee dat die mensdom se "afspraak met die noodlot" eenvoudig net dit is – 'n wesenlik willekeurige datum.

Hoewel u Bybel verduidelik dat die toekomstige rampspoedige gebeure **nie** sal plaasvind as gevolg van enige skynbaar toevallige datum op die kalender nie, maar liewer die gevolg is van die sondigheid van hardkoppige mense en hulle onwilligheid om hulle aan die Almagtige God te onderwerp!

Hierdie dinge sal gebeur omdat nasies onboetvaardig is – nasies wat ***uitsonderlik*** geseënd was deur 'n liefdevolle en genadige God wat getrou is aan Sy beloftes – nasies wat hulle nie tot Hom wend met dankbetuiging en gehoorsaamheid nie, maar wat voortgaan om hul Skepper te verag. Dit is ***nie*** 'n "toevallige gebeurtenis" of "kosmiese toevalligheid" nie! God herinner ons: "Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? **Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie**?" (Amos 3:6).

Anders as die ruimtelike rangskikking van die planete en sterre wat ons nie kan vermy nie, gee God aan elkeen van ons 'n keuse. Ons **kan** ons bekeer, dit wil sê ons kan God se Woord lees, Sy weë leer – wat vir *ons beswil* beveel was – en ons kan ons lewens verander. Vergeet van die aanhangers van 2012 wat rondkyk om grond op 'n bergtop te koop, of dié wat goud en wapens ophoop. Op baie plekke sê die Bybel dat daardie benaderings eenvoudig *nie sal werk nie* (verwys na Esegiël 7:14-19)!

Oorweeg liewer die woorde van Jesus Christus: "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle *waardig* geag mag word om al hierdie dinge wat kom, *te ontvlug* en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:34-36).

Vir diegene wat hul bekeer – wat gewillig is om hul na God se Woord te wend, om te lees wat dit sê en dit werklik van ***toepassing maak*** in hul lewens – bied God beskerming teen die verskriklike tye wat voorlê. Indien u daardie lewensveranderende keuse maak, sal die baie toekomstige rampe wat die Bybel voorspel, in werklikheid tekens van groot ***hoop*** word. Soos Christus aan ons sê in Lukas 21:28: "En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is".

Ja, hierdie profetiese gebeure het 'n **einde** – 'n ***doel***. Jesus Christus sal spoedig terugkeer! Nadat Hy die teenstand van 'n rebelse en hardkoppige mensdom gebreek het, sal Hy die Koninkryk van God inlui – 'n tyd van vreugde, oorvloed en vrede, heeltemal anders as enigiets wat die mensdom nog ooit beleef het! Mense sal leer om hul lewens te leef op die manier wat God eintlik ***beplan*** het dat dit geleef moet word, in 'n intieme verhouding met hul ware Skepper. Wat sal gebeur met diegene wat leer om nou, in hierdie lewe en in ***hierdie dae***, hul Skepper te gehoorsaam en Sy gebooie te onderhou in 'n wêreld wat daardie gebooie haat? Hulle sal in glorie en mag, soos wat mens jou in 'n duisend leeftye nie kan indink nie, saam met Jesus Christus heers en onder Hom werk om die wêreld te leer!

Dít is die ***waarheid*** – en dit bied soveel meer hoop as 'n toevallige datum op 'n stowwerige, antieke kalender! WvM

# Londen Roep
# ’n Sagmoedige Bul?

## Deur Rod King

**Stadig, bietjie vir bietjie, vervang die EU die infrastruktuur en simbole van sy lidlande. Nasionale wette en instellings moet plek maak vir supranasionale entiteite wat vanuit Brussels beheer word. Namate hierdie proses vorder, kom een opvallende afbeelding meer en meer voor op amptelike dokumente van die Europese Unie – 'n bul wat voortbeweeg tussen vyf sterre – 'n afbeelding wat terugdateer na 'n antieke Griekse mite. Presies wat beteken dit egter?**

Nadat die Lisbon Verdrag in 'n Junie 2008 volkstemming deur hul verwerp is, het Ierse stemgeregtigdes op 2 Oktober hierdie jaar die omstrede wetsontwerp goedgekeur wat hul nasie effektief hegter in die politieke en ekonomiese unie van die Eurozone bind. Terwyl baie mense oor hierdie verkiesingsuitslag wonder, is dit 'n feit dat kiesers regdeur die Europese Unie verrassend min seggenskap het, aangesien 'n nie-verkose Europese Kommissie die meeste wetgewing inisieer. Die verkose Europese Parlement mag wel in staat wees om oor die voorgestelde wetgewing te beraadslaag, maar dit het nie werklik die laaste sê nie. Het die Ierse openbare mening werklik so dramaties verander tussen Junie 2008 se “Nee” stem en die Oktober 2009 se “Ja”? Of was dit maar slegs nog een van die EU se “magspolitieke” sette wat sy wil op 'n nasie afgedwing het wat geen werklike keuse in die saak gehad het nie?

### Vanaf 'n klein begin

Die dryfkrag om 'n Europese Unie te skep het gespruit uit die vernietigende gevolge van twee Wêreldoorloë wat hoofsaaklik op die slagvelde van Europa geveg was, toe die nasies wat nog gesteier het onder die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog probeer het om hul nasies se ekonomië te stabiliseer en om oorloë tussen Europese buurlande te verhoed.

Wat in 1951 begin het as 'n Europese Steenkool en Staal Gemeenskap het uitgebrei tot 'n Europese Ekonomiese Gemeenskap in 1958, en toe, na 1993, tot die Europese Unie soos ons dit vandag ken. "Euroskeptici" stel voor dat die EU, met dié se vele burokratiese strukture oor en langs mekaar, doelbewus 'n gebrek aan deursigtigheid beoefen het om die werklike uiteindelike doel te verdoesel vir die Europese politici – die samestelling van 'n ware federale unie van Europa. Euroskeptici beskuldig die EU se meester-strateë daarvan dat hul dubbelhartigheid beoefen het om die nasies en hul leiers te kul deur hul te oorreed om by 'n ekonomiese unie aan te sluit wat, soos hulle valslik beloof het, nie in 'n politieke en militêre entiteit sal ontwikkel nie.

Moontlik moes die Europese nasionale leiers gelees het wat die Duitse politikus, Franz Josef Strauss (1915-1988), die Bavariese leier van sy nasie se Christelike Sosiale Unie, geskryf het in sy 1966 toonaangewende boek, *The Grand Design*: “Ons moet nou die probleem oorweeg oor hoe hierdie Europa tot stand gebring kan word ... Daar is twee moontlike gedagterigtings. Die eerste is die gedagte van 'n Europese gemenebes, 'n welsyngemeenskap van nasies met groeiende ekonomiese, handels- en lewenstandaarde, maar sonder 'n sentrale politieke doelwit **of die vasberadenheid om dit te bereik**. Die meer verkieslike alternatief is 'n Europa wat in stadia groei, **vasberade om sy rol op die wêreldtoneel te speel, terwyl dit meer invloed en aantrekkingskrag uitoefen** … **en groei in selfvertroue en wêreldbelang**” (bll. 21-22, klem my eie).

Strauss gaan voort: "Die magsewewig kan slegs weer op die Europese vasteland herstel word indien die klassieke negentiende-eeuse vyfmanskap van Brittanje, Frankryk, Duitsland, Oostenryk-Hongarye en Rusland opgevolg word deur

'n konfederasie **wat mettertyd sal ontwikkel tot 'n federasie"** (bl. 23).

Franz Josef Strauss se tweede opsie het duidelik die voorkeur-keuse vir die nuwe Europa geword.

**Zeitgeist**

Wat Europa nou ervaar is 'n Renaissance. Dit is nie slegs 'n hergeboorte van kuns en kultuur nie, maar van 'n identiteit. Die Duitsers het 'n woord daarvoor – *zeitgeist* – om die heroplewing van 'n vervloë tyd te beskryf. *Zeitgeist* het geen geskikte Engelse of Afrikaanse vertaling nie, maar die konsep is iets soos "die gees van die tyd". Duitse filosowe en skrywers van die laat negentiende eeu het hierdie woord, wat deur Johann Herder in 1769 geskep was, geneem en dit ontwikkel om 'n "leidende gees" vir Duitsland en dié se lotsbestemming in Europa te beteken. Dit roep die tye van die Teutoniese ridders en Europa se oorheersing deur die Heilige Romeinse Ryk na vore. Ons kan heel moontlik in 'n tyd wees waar ou geeste weer sal opkom en Europa se droom laat opvlam om 'n baie wyer wêreld te beïnvloed as slegs sy eie vasteland.

Stadig, geleidelik, **vervang die EU die infrastruktuur en simbole van sy lidlande. Nasionale wette en instellings moet plek maak vir supranasionale entiteite wat vanuit Brussels beheer word. Namate hierdie proses vorder, kom een opvallende afbeelding meer gereeld voor op amptelike dokumente van die Europese Unie – 'n bul wat voortbeweeg tussen vyf sterre – 'n afbeelding wat terugdateer na 'n antieke Griekse mite. Presies wat beteken dit egter alles?**

**'n Vrou Sit wydsbeen oor 'n Bul**

Die bul wat ons op die EU se dokumente vind, laat ons terugdink aan die ou Griekse mite van Europa, waar die god Zeus, in die gedaante van 'n bul, die pragtige, Fenisiese prinses Europa verlei het. "Ongewoon sagmoedig, het die bul geen vrees ingeboesem nie. Sy horings was met blomme versier. Europa het op sy rug geklim, waarna die bul – Zeus – op 'n drafstap afgesit en die see ingeduik het" (*European Union Law,* Chalmers et al., Cambridge Universiteits-uitgewers, bl. vii).

U Bybel gebruik dikwels die simbool van 'n "vrou" vir 'n kerk. In die hedendaagse EU-dokumente sien ons nog nie 'n vrou wat op die bul se rug sit nie, maar die simboliek is toepaslik. 'n Magtige maar skynbaar onskuldige mag is besig om die lotsbestemming van Europa te vorm. Studente van die Bybel erken dat in die nabye toekoms, wanneer ons 'n verdrag tussen Europa se politieke en godsdienstige instellings sien, sal 'n sleutel-profesie wat Jesus Christus aan die apostel Johannes geopenbaar het, werklikheid word. Wat sê die Bybel sal met die bul en sy ruiter gebeur?

Baie Bybelse geleerdes sien 'n ooreenkoms tussen die Europese mite en die boek Openbaring se relaas oor 'n toekomstige Babiloniese stelsel wat Europa in die dae van die einde sal beheer. In hierdie scenario sit 'n groot godsdienstige stelsel, gesimboliseer deur die Babiloniese vrou, wydsbeen oor 'n magtige politieke en militêre dier.

"… en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. En die vrou was bekleed met purper en skarlaken [kleure wat dikwels geassosieer word met godsdienstige drag] en versierd met goud en kosbare stene en pêrels ..." (Openbaring 17:3-4).

Aan die profeet Daniël was ook visioene van hierdie dier gegee. Dit is die vierde van vier diere wat die tyd sou oorbrug vanaf antieke Babilonië tot die tyd wat binnekort voorlê. Ons lees: "Die vierde dier – die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel" (Daniël 7:23).

Die volgende vers stel aan ons 'n ander koning bekend: "... 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hý sal verskillend wees van die voriges ... En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd" (Daniël 7:24-25).

Vir byna drie-en-'n-half jaar sal hierdie geprofeteerde politieke en godsdienstige verbintenis die wêreld deur handel en regulasie domineer. Ons sien alreeds hoe die Europese Unie die handelstandaarde regoor die wêreld stel. Internasionale handelaars het min keuse en moet maar inval by die EU se standaarde en maatstawwe. Dit sal binnekort nie meer moontlik wees om produkte uit te voer tensy dit voldoen aan die EU se streng standaarde nie. Wees dan op die uitkyk vir voorskrifte op die gebied van werkverskaffing. Laastens kan universele monetêre regulasies volg, wat voortbou op die gevestigde monetêre eenheid veroorsaak deur die euro.

Die blomversierde bul van die Europese mite mag dalk na 'n goeie storie klink, maar ons behoort te besef dat dit in die Bybelse weergawe nie in "ewige geluk" eindig nie. Die "sagmoedige bul" verander in 'n tierende monster! Die dier met tien horings (konings of heersers in Bybelse simboliek) sal teen die vrou draai. "En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand" (Openbaring 17:16). Daar sal 'n dag kom wanneer miljoene mense wat gesoek het na 'n sterk Europa, verenig onder die vaandel van hul gedeelde geloof en politieke erfenis, sal besef dat hulle bedrieg was!

Wil u graag meer weet van hierdie toekomstige politiesgodsdienstige stelsel wat die wêreld gaan verander? Indien wel, vra dan om u *gratis kopie* van ons boekie, *Die Dier van Openbaring*, wat die Bybelse verwysings agter hierdie duidelike profesieë sal verduidelik. U sal dankbaar wees dat u dit gedoen het. WvM

***Vervolg vanaf bladsy 22 – 'n Omwenteling in Onderwys!***

dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense" (1 Korinthiërs 1:22-25).

Inderdaad, baie min van diegene wat die wêreld "wys" en "edel" noem – die rykes, magtiges en wyses – word deur God geroep. "Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie; maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam ... sodat geen vlees voor Hom sou roem nie" (1 Korinthiërs 1:26-27, 29).

Dit is hoeveel God ydelheid haat! Diegene wat dink hulle is so wys dat hulle "voor Hom ... roem", is nie diegene wat God sal roep nie. God sal eerder Sy waarheid gee aan "dwase" Christene indien hulle 'n berouvolle, nederige en leerbare gees het! Dit is soos die apostel Paulus geskryf het: "Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word; want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang" (1 Korinthiërs 3:18-19).

**God: Die grootste Leermeester**

Ware onderwys moet gebaseer wees op die waarheid van God. Al die ander grondslae is slegs ydelheid. Slegs 'n Christen met die gewilligheid om van die groot Leermeester te leer en om Sy voorbeeld te volg, sal 'n behoorlike grondslag kan bou om ware kennis te ontvang. Jesus Christus het Sy studente geleer: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Mattheüs 19:17), en daarna het Hy 'n paar van die Tien Gebooie opgenoem.

Waarom is die Tien Gebooie die grondslag van ware onderwys? Omdat hulle so duidelik aan ons sê wat reg is en wat verkeerd is! Hulle openbaar die weg van vrede en voorspoed wat God vir die hele mensdom beoog. Wat gebeur met diegene wat God se duidelike wette ignoreer? Soos die apostel Paulus geskryf het: "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai" (Galasiërs 6:7-8).

Antieke Koning Dawid het geskryf van die onderwys wat afkomstig is van 'n vaste grondslag: "Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag. U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir

***Vervolg op bladsy 26***

# Die rede vir die Kersseisoen

## Deur Douglas S. Winnail

**Biljoene mense word elke jaar vasgevang in Kersfeesvierings, maar verstaan hulle werklik die waarheid aangaande Christus se geboorte? Die antwoord is reg in die bladsye van u Bybel!**

Teen die einde van die jaar begin bedrywige kopers en feesgangers hul aandag toespits op die jaarlikse Kersfeesvierings. Hoe dikwels staan hulle egter 'n oomblik stil om te vra: **Waarom?**

Wat het die versiering van 'n boom, die opmaak van die huis met liggies, kerskouse, dennetakke en vlieënde rendiere, die ophang van 'n maretak en die kinders te neem om na “Vader Krismis” te gaan kyk, met die geboorte van Jesus Christus – die veronderstelde “rede” vir die kersseisoen – te doen? Waarom het die gelui van slee-klokkies en die sing van Kersliedere oor “vrede op aarde, in die mense 'n welbehae” so 'n hol klank wanneer koerantopskrifte berig van toenemend gewelddadige misdade, internasionale terrorisme, verspreidende droogtes en hongersnode, voortsettende oorloë en die verval van morele waardes? Waarom handhaaf sogenaamde Christelike nasies antichristelike gewoontes wat die lewe 'n eindelose rondte kortstondig aangename, maar grootliks betekenislose, sosiale aktiwiteite maak?

Hoewel toonaangewende geleerdes en historici oor die algemeen die feit erken, het die gemiddelde belydende Christen *geen idee* dat die gebruike rondom Kersfees oorspronklik niks met Christus te doen gehad het nie!

Selfs die wydverspreide idee dat Jesus op 25 Desember gebore sou wees, is 'n bekende versinsel! In teenstelling met die algemene tradisie, is Jesus moontlik in die herfs van die noordelike halfrond gebore, omdat, volgens die Bybel, die skape nog in die oop velde was (Lukas 2:8) – 'n situasie wat nie in Desember kon gebeur nie. Jesus was ook ses maande jonger as Johannes die Doper (Lukas 1:24-25), wie verwek was teen die einde van Junie (nadat sy vader die agtste beurt van Abia in die tempel gedien het – sien Lukas 1:5; 1 Kronieke 24:1-19). Josephus, die Joodse historikus, verduidelik dat die 24 beurte van die priesters om vir 'n week lank, twee maal per jaar in die tempel diens te doen, in die maand Nissan (ongeveer April) begin het. Johannes, wat in Junie verwek was, sou in die volgende Maartmaand, gebore moes wees, wat beteken dat Jesus, wat ses maande jonger was, in September gebore moes wees – nie op 25 Desember nie!

Dus, waarom herdenk mense die geboorte van Jesus Christus op 25 Desember – hoewel die Skrif nêrens daardie datum aangee nie en ook nie eens op een plek aandui dat Christene Christus se geboortedag behoort te vier nie? Die tyd van die wintersonstilstand is in laat Desember, een van die belangrikste feesgetye in die antieke wêreld. Historici merk op: “... die geboorte van baie van die son-redders en sterwende gode was daardie tyd van die jaar gevier, gewoonlik op 25 Desember” en dat “Kersfees 'n wonderlike samesmelting is van baie godsdienstige tradisies, antiek en modern, heidens, Zoroastries, Joods, Mithraies en Christelik” (*The Pagan Book of Days*, bll. 132-133). Moderne Kersfees is 'n sameflansing van verskeie einde-van-die-jaar feeste wat in heidense Rome gevier was. Die Saturnalia (17-21 Desember), was 'n tyd van “buitensporige dekadensie” wanneer slawe en eienaars vir 'n paar dae plekke omgeruil het. Dit was 'n tyd van joligheid waar die algemene groet “bona Saturnalia” was. Daarna het Sigillaria gevolg – die fees van poppe – op die 22ste, wanneer geskenke gekoop en aan kinders gegee was. Die Brumalia (25 Desember) was die viering van die “Geboortedag van die Onoorwonne Son,

wanneer die dae weer begin langer word na die sonstilstand" (*Christmas and Christmas Lore*, Crippen, bl. 7). Hierdie was tye van feesviering, brassery en losbandigheid. Die Egiptenare het ook die hergeboorte van die son in die vorm van 'n suigeling gevier, duisende jare voor die Romeine (verwys na *The Golden Bough*, St. Martin se uitgawe, bll. 471-472).

In teenstelling daarmee het die vroeëre Christelike Kerk, solank as wat die lering van die Apostels ongeskonde gebly het, nie die geboortedag van Christus gevier nie. In werklikheid het die kerklike geleerde, Origen, so laat as 245 n.C. "die blote gedagte om Christus se geboortedag te vier, as sondig verwerp" (*Encyclopaedia Britannica*, 11de uitgawe). Nogtans, in die vierde eeu, in 'n poging om bekeerlinge te werf, het "die kerk in Rome uitdruklik die verjaarsdag van die Here op 25 Desember vasgestel" (Crippen, bl. 6). Die keuse van die wintersonstilstand en die geboortedag van die songod was opsetlik. Nuwe "bekeerlinge" kon voortgaan om hulle gewilde heidense gebruike ongestoord te volg – maar net onder 'n nuwe "Christelike" naam! Mense volg deesdae nog steeds dieselfde versinde gebruik – grootliks onbewus van wat agter die "Christelike" fasade skuil.

Het u egter al ooit gewonder of daar meer in die lewe steek as dit? Het heidense gebruike wat deur hoofstroom Christelikheid aangeneem is, meer betekenisvolle Bybelse gebruike vervang?

**Die Verskuilde Dimensie**

Dit mag u verras, maar die Bybel skets 'n spesifieke reeks feeste of feesdae wat God se mense beveel word om te onderhou. Terwyl baie mense geleer is dat hierdie feeste Ou-Testamentiese gebruike is wat nie meer van toepassing op Christene is nie, kan niks verder van die waarheid af wees nie. Die feeste wat in die Skrif beskryf word (verwys na Levitikus 23 en Deuteronomium 16) is van besondere belang en propvol betekenis. Hulle skets in hooftrekke God se plan van redding vir die hele mensdom en openbaar die belangrikste stappe of gebeurtenisse van daardie plan. Die volgorde van die feestye openbaar die ware doel van menslike lewe! Daardie doel is opwindend, inspirerend – en verootmoedigend – dit word egter oorskadu deur heidense vakansiedagtradisies wat belydende Christelike kerke geabsorbeer het! Kerkdienste – verpligte byeenkomste – op elkeen van die Heilige Dae hersien die betekenis van die feeste. Lees wat historikus W. D. Davies geskryf het oor die vroeëre Christelike gebruike:

"Oraloor, maar veral in die Ooste van die Romeinse Ryk, was daar Joodse Christene wie se uitwaartse lewenswyse nie merkbaar verskil het van dié van die Jode nie. Hulle het dit as vanselfsprekend aanvaar dat die evangelie 'n voortsetting is [van die godsdiens van Moses]; vir hulle het die Nuwe Verbond, wat Jesus ingestel het tydens die Laaste Avondmaal saam met Sy dissipels ... nie beteken dat die verbond wat ingestel was tussen God en Israel tot niet was nie. Hulle het nog steeds die feeste van Pasga, Pinkster en die Huttefees onderhou; hulle het ook voortgegaan met die besnydenis, die weeklikse Sabbat onderhou en die Mosaïse voedselwette gevolg". [Judeo-christianisme, "Paul and Jewish Christianity", 1972, bl. 72, aangehaal deur Samuele Bacchiocchi, *From Sabbath to Sunday*, bl. 151].

Historikus Edward Gibbon het 'n soortgelyke opmerking gemaak: "Die eerste vyftien biskoppe te Jerusalem was almal besnede Jode, en die gemeente waaroor hulle gesag gevoer het, het die wet van Moses met die leerstelling van Christus verenig. Dit was natuurlik dat die primitiewe tradisie van 'n kerk wat slegs veertig dae na die afsterwe van Christus gestig was en wat vir net soveel jaar regeer was onder die direkte toesig van Sy apostel, aanvaar sou word as die maatstaf van ortodoksie. Die afgeleë kerke het hul dikwels beroep op die gesag van hul eerbiedwaardige Ouer" (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, hoofstuk 15, afdeling 1, bl. 389).

Wat is hierdie volgorde van Bybel-geordende feestye? Die jaarlikse volgorde begin in Maart-April, met die Pasga, gevolg deur die Dae van

Ongesuurde Brood. Die Pasga is 'n jaarlikse herinnering aan ons behoefte aan 'n Redder en vergifnis van sonde. Die Pasga-lam wat in die Ou Testament geoffer was (Exodus 12:3-6), was 'n *voorafskaduwing* van die koms van Jesus Christus wat sou sterf vir die sondes van die mensdom (Johannes 3:16). Selfs nadat Jesus die simboliek van die geofferde lam vervul het (Jesaja 53:7, Johannes 1:29), het die Apostels en die vroeëre Kerk die Nuwe-Testamentiese Pasga onderhou (Lukas 22:14-16; 1 Korinthiërs 11:23-26) as 'n jaarlikse herdenking van Christus se offer. Tydens die sewedaagse Dae van Ongesuurde Brood was rysmiddels uit die huise verwyder en sodoende die les oorgedra dat, om God te kan gehoorsaam, moet ons sonde (gesimboliseer deur rysmiddels) uit ons lewens sit. Dit is waaroor Christelike groei – berou tot bekering, verandering, groei en oorwinning – alles gaan. Die Apostels en die vroeëre Kerk het die Dae van Ongesuurde Brood onderhou om die betekenis van daardie dae in stand te hou (Handelinge 2:38; 20:6; 1 Korinthiërs 5:7-8).

Die volgende Nuwe-Testamentiese Kerkfees, Pinkster, val in laat Mei of vroeg Junie en herdenk die uitstorting van die Heilige Gees op die dissipels (Handelinge 2). Die Pinksterfees ("pinkster" kom van die Griekse begrip "tel 50") word ook die Fees van die Oes of die Eerstelinge genoem, omdat dit aan die begin van die someroes val. Hierdie oes was klein en beeld God se plan uit om in hierdie huidige tydperk, slegs 'n klein groepie mense tot redding te roep (Mattheüs 13:10-17; Johannes 6:44-66; 1 Korinthiërs 1:26-28), voordat Hy met die hele mensdom begin werk. Die jaarlikse onderhouding van Pinkster is 'n voortdurende herinnering daaraan dat God 'n spesiale doel het met diegene wat as eerstelinge geroep word (Openbaring 14:1-5) en van die spesiale begrip wat verkry word by ontvangs van en voeding deur die Heilige Gees (Johannes 14:15-16, 26; 16:13; 2 Timotheüs 1:6-7).

Hierdie eerste drie jaarlikse feeste beeld gebeure uit wat reeds plaasgevind het in God se plan van redding. Jesus se dood en opstanding vervul die betekenis van die Pasga byna 2 000 jaar gelede, derhalwe offer ons nie meer 'n lam nie – maar ons gaan voort om die Pasga volgens Sy opdrag te onderhou, as 'n herinnering aan daardie belangrike gebeurtenis (Lukas 22:19). Die Dae van Ongesuurde Brood beeld die voortdurende proses van Christene uit om sonde uit ons lewens te sit. Die gebeure van Pinkster – die uitstorting van die Heilige Gees en die begin van die Nuwe-Testamentiese Kerk – het die Christen era in 31 n.C. ingelui.

Die volgende vier feeste in God se volgorde is nog profeties van aard en beeld belangrike gebeurtenisse uit wat nog moet gebeur! Wanneer ons hierdie feeste onderhou kan ons die toekoms beter verstaan en kan ons hoop hê. Hierdie feeste skets die oorblywende stappe wat die toppunt sal bereik van God se plan van redding vir die hele mensdom – 'n plan wat deur valse, mensgemaakte vakansies soos Kersfees, grootliks verberg is vir die wêreld.

**Openbaarmaking van die Toekoms**

Die Fees van Basuine beeld 'n naderende gebeurtenis uit wat die gang van die menslike geskiedenis vir altyd sal verander – die wederkoms van Jesus Christus. Bybelse profesieë verbind die wederkoms van Jesus Christus met die blaas van die sewende basuin (Openbaring 11:15). Basuine of trompette was gebruik om aankondigings te maak, feeste aan te dui en om alarm te maak tydens oorloë (Numeri 10:1-10). Rampspoedige gebeure sal Christus se wederkoms voorafgaan (Mattheüs 24; Openbaring 6; 8; 9). Jesus sal terugkeer na 'n planeet wat verskeur sal wees deur oorlog en rampspoed, om die mensdom van algehele selfvernietiging te red (Mattheüs 24:3-7, 21-22). Hy sal die menslike weermagte oorwin wat teenstand sal bied teen Sy wederkoms (Openbaring 19:11-19). Met Sy wederkoms sal die heiliges (die "eerste vrugte") onsterflikheid ontvang (1 Korinthiërs 15:51-54) en saam met Christus op hierdie aarde regeer (Daniël 7:26-27;

Openbaring 5:10). Die jaarlikse onderhouding van die Fees van Basuine herinner ons aan hierdie ongelooflike gebeure. Dit gee aan ons ware hoop in 'n wêreld gevul met slegte nuus.

Die Versoendag beeld die feit uit dat Satan – die eintlike opstoker van die euwels en probleme in hierdie wêreld – met Christus se wederkoms vir 'n duisend jaar gebind sal word (Openbaring 20:1-2). Hierdie toekomstige gebeurtenis was reeds voorspel in die Ou-Testamentiese onderhouding van hierdie fees, toe die priesters 'n bok wat die sondes van Israel op hom gedra het, die wildernis ingestuur het. Hoewel die Ou Afrikaanse Vertaling van die Bybel – soos baie Engelse vertalings – na hierdie bok verwys as die "sondebok [scapegoat]", wat daarop sinspeel dat dit onskuldig sou wees, gee die Nuwe Vertaling dit korrek aan as die "sondofferbok". Joodse tradisie identifiseer hierdie bok met reg as simbolies vir die leier van gevalle engele – Satan (Levitikus 16:8-10). Die ander bok wat in hierdie seremonie gebruik was en wat geoffer was vir die volk, dui op Jesus Christus se offer. God se opdrag dat ons moet vas op die Versoendag, leer ons die noodsaaklikheid van verootmoediging en herinner ons daaraan dat ons een moet word met God (verwys na Levitikus 23:27; Psalm 35:13; Johannes 17:11).

Die huttefees beeld die toekomstige Koninkryk van God op hierdie aarde uit. Hierdie sewedaagse fees bied 'n jaarlikse voorsmakie van die duisendjarige heerskappy van Jesus Christus en die heiliges (Openbaring 20:4-6). Gedurende hierdie tydperk, wat ook die "Millennium" genoem word, sal die regering van God vrede en geregtigheid na hierdie aarde bring en alle dinge weer herstel (Jesaja 9:6-7; Handelinge 3:19-21). Dit sal 'n tyd wees van eensgesindheid (Jesaja 11:6-9), gesondheid en oorvloed (Jesaja 35; Amos 9:13). Die regering van God sal die wette van God vanuit Jerusalem aan die hele wêreld verkondig (Jesaja 2:2-4). Anders as in ons huidige tyd, waar slegs 'n paar mense die kennis van God se Weg ontvang het, sal almal gedurende die Millennium geleer word om God te gehoorsaam en om die wonderlike seëninge te geniet wat as gevolg daarvan ervaar sal word!

Die Laaste Groot Dag is die laaste fees op God se jaarlikse kalender. Dit beeld die tyd uit van die Groot Wit Troon Oordeel wat deur die apostel Johannes beskryf word in Openbaring 20:11-12, wanneer die Heilige Gees beskikbaar sal wees vir almal wie se denke nog nooit voorheen geopen was vir God se Weg nie (Johannes 7:37-39; Esegiël 36:24-27). Hulle sal opgewek word en sal hul eerste geleentheid kry om Jesus Christus te aanvaar en om Hom te gehoorsaam deur die krag van die inwonende Heilige Gees. Ja, die boodskap van die Laaste Groot Dag is dat almal wat gesterf het sonder om die evangelie te hoor, nie verlore is nie! Hulle brand nie nou in die hel nie. Hulle wag in die graf vir hierdie grootse opstanding. Diegene wat dan sal kies om te leef volgens God se Weg, sal onsterflikheid ontvang, maar dié wat God se Weg verwerp, sal verbrand word in die poel van vuur (Openbaring 20:14-15).

**Waarskuwings en hoop**

"Dit klink interessant", mag u dalk dink, "maar wat maak dit saak as ek Kersfees vier in plaas van daardie Ou-Testamentiese feeste?" U mag dink u "het Jesus lief" en dat u Jesus eer deur Sy geboorte te vier. "Ek 'doop' slegs daardie ou heidense gebruike deur hulle aan die Here aan te bied", mag u dink. Wel, wat sê die Bybel oor so 'n benadering?

God het aan die nasie van Israel gesê om Sy gebooie te gehoorsaam en om hulle nie te verander nie (Deuteronomium 4:1-2). Deur Moses het God die Israeliete herhaaldelik gewaarsku om Sy Gebooie nie te vergeet nie (Deuteronomium 8:10-14) en om te vermy om bekoor te word deur die valse godsdienstige gebruike van die heidense nasies. God het spesifiek gewaarsku: "... neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie;

*Vervolg op bladsy 7*

# Binnekort hier: 'n Omwenteling in Onderwys!

Deur Richard F. Ames

***'n Groot deel van moderne onderwys is geskoei op ateïstiese of selfs anti-God beginsels. In die toekomstige Millennium sal God se manier 'n algehele omwenteling in onderwys teweegbring. U kan egter nou God se ware waardes van onderwys ervaar!***

Noudat die Tien Gebooie en gebed verbied word in baie Amerikaanse klaskamers, wat neem hul plek in? Selfs terwyl die nasie se eerste en mees toonaangewende universiteite in die naam van Christelikheid gestig is, ignoreer die meeste van vandag se opvoeders die grondslag van waarheid – God se Woord. Studente word geleer dat daar geen volstrekte waardes is nie en dat daar geen fundamentele gesag is nie, behalwe die eie ek. In plaas daarvan dat hulle God se ewige Wet geleer word, leer hulle van humanisme en materialisme.

Hoe het ons onderwysstelsels hul klem verskuif? Baie universiteite wat gestig was om uit die Bybel onderrig te gee en God se morele Wet hoog te hou, het teen die 1960s, toevlugsoorde vir nihilisme en anti-God sentimente geword. Hulle het in die negentiende eeu begin om die strukture en later die ideale van die Duitse universiteite en filosowe aan te neem.

Van die belangrikste onder hierdie filosowe was Friedrich Nietzsche, wie se filosofie nie slegs ateïsties was nie, maar ook sterk anti-God. Hy het geskryf: "God is dood; maar gedagtig aan die weë van die mens, mag daar nog vir duisende jare grotte wees waarin sy skaduwee vertoon sal word. En ons – ons moet sy skaduwee ook nog oorwin" (*The Gay Science*, Nietzsche, 1882, seksie 108). Nietzsche is nou dood, maar sy filosofie leef tot vandag toe voort in anti-God denke. Gedurende die opskudding van die 1960s het dit selfs uit filosofiese boeke oorgewaai tot in die koerantopskrifte, toe die gerespekteerde tydskrif *TIME* op sy 8 April 1966 buiteblad vra: "Is God dood?"

Baie intellektuele van die agtiende en negentiende eeue het met reg opgemerk dat Christelikheid die spoor van sy apostoliese oorsprong byster geraak het en die gebruike van die heidense gemeenskap om hulle aanvaar het. In plaas van om egter moderne onderwys op 'n ware Christelike grondslag te herbou, het baie intellektualiste probeer om daardie grondslag heeltemal te vernietig! Hulle verwerp een soort vals godsdiens en die valse onderwys daarvan, maar verkies om dit te vervang met goddelose onderwys eerder as met goddelike onderwys.

## Die ware grondslag van onderwys

Die Christelikheid wat deur Jesus Christus en die Apostels geleer en uitgeleef is, het 'n voorbeeld vir alle tye gestel. Daardie voorbeeld sluit die navolging van God se geestelike Wette in – die Tien Gebooie – en die lewenswyse van liefde wat deur Jesus Christus onderrig is, Hy wat aan Sy volgelinge gesê het: "As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Johannes 8:31-32).

Beteken dit dat die aarde se twee miljard belydende Christene almal oor die waarheid beskik? Het dit hulle vry gemaak? Dit is jammer, maar die grootste deel van die wêreld verkeer nog in duisternis en onkunde; hele kulture, volke en nasies is verblind deur vals onderwys. Dus, hoe raar is ware onderwys – en ware kennis?

Ons lees 'n skokkende stelling in die boek van Openbaring: "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat ***die hele wêreld verlei***, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9).

Hierdie groot gevalle engel wat Satan en duiwel genoem word, mislei nie slegs 'n paar mense nie, maar die oorgrote meerderheid. Om eenvoudig

deel te wees van die een-derde van die mensdom wat hulself "Christelik" noem, is geen waarborg dat 'n mens nie mislei is nie!

Wat is egter hierdie waarheid waaroor Satan die hele wêreld mislei? Natuurlik is daar wetenskaplike waarhede wat getoets en nagegaan kan word. Die wetenskap kan, tot in 'n mate, die "wat" en "hoe" van natuurlike wette beskryf, maar kan nie die ***waarom*** van ons bestaan verduidelik nie! Dié soort waarhede val buite die bestek van die natuurlike wette en kan slegs verduidelik word deur die Een wat daardie wette geskep het. Dus, wat sê die Skepper oor die waarheid? Die nag voor Sy kruisiging toe Jesus tot Sy Vader gebid het, het Hy vir Sy dissipels gebid: "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid" (Johannes 17:17).

Ja, God se Woord is waarheid! U behoort aan uself te bewys dat die Bybel die openbaring van die Skepper-God is. Die apostel Paulus het geskryf: "Die hele Skrif is deur God ingegee [of geïnspireer]" (2 Timotheüs 3:16). Die Griekse woord wat hier as "ingegee" of geïnspireer vertaal is, is *theopneustos* en beteken letterlik "goddelik uitgeasem". Die *New International Version* vertaal dit inderdaad as: "All Scripture is God-breathed". Wanneer Paulus dit geskryf het, was die boeke wat ons tans die "Ou Testament" noem, die enigste gekanoniseerde "Skrif", nogtans verkies baie Christene om die duidelike leringe van die Ou Testament te ignoreer ten gunste van die geskrifte in die Nuwe Testament. Die Nuwe Testament leer ons egter anders. Die hele Skrif is deur God uitgeasem!

**Hoe leer 'n mens?**

Ware onderwys moet gebaseer wees op die waarheid wat God in Sy Woord openbaar. Hoeveel administrateurs, professore en studente aan universiteite weet egter wat die ware doel en betekenis van lewe is? Die meeste aanvaar die konsep van evolusie, dat die mens slegs 'n dier is.

Is dit egter waar? Of is daar miskien iets wat onderskeid maak tussen dierlike brein en menslike verstand? Wetenskaplikes weet dat die menslike brein, vir sy gewig, baie meer "funksioneel" is as die brein van enige ander spesie. 'n Paar wetenskaplikes het tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie kapasiteit slegs verduidelik kan word deur die teenwoordigheid van 'n geestelike komponent. Hierdie wetenskaplike gevolgtrekking, hoewel nie algemeen aanvaar nie, stem ooreen met wat in die Skrif openbaar word. Die apostel Paulus het geskryf: "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is?" (1 Korinthiërs 2:11).

Hierdie gees waarvan Paulus skryf, is nie die Heilige Gees nie, nog minder is dit 'n "onsterflike siel". Dit is 'n geestelike essensie, gekombineer met die fisiese brein, wat mense ver bo diere bemagtig (Job 32:8). Hierdie begrip harmoniseer die wetenskap met die Skrif en verduidelik 'n aspek van die menslike verstand wat 'n verborgenheid bly vir die meeste opvoeders en "kundiges". Sir John Maddox, emeritus redakteur van *Nature*, het in 'n klassieke artikel in die tydskrif *TIME* geskryf: "Hoe die brein dit regkry om te dink, is 'n strikvraag met 'n millenniale tydskaal. Alle diere beskik oor 'n brein sodat hulle kan rondbeweeg. Seine van die sintuie – oë, ore, neusgate of vel, wat die geval ook al mag wees – stuur boodskappe na die rugmurg, wat dan die ledemate dienooreenkomstig beweeg. Die dinkproses behels die oorweging van alternatiewe reaksies, waarvan baie nie reeds ervaar is nie, maar slegs verbeel word. Die vermoë om bewus te kan wees van wat in die kop aangaan, is 'n ekstra raaisel. 'n Eeu van nou af sal elektroniese winkels (of webtuistes) allerhande soorte foefies adverteer wat sommige werkinge van die menslike brein sal kan namaak, maar neuro-wetenskaplikes sal nog steeds worstel om die dinkmasjien in ons almal se koppe te begryp" ("Thinking", 29 Maart 1999, bl. 206).

Maddox, 'n wêreldbekende fisikus, het voorspel dat selfs 'n eeu van nou af, die legkaart van die menslike dinkproses nie opgelos sal wees nie. Met 'n begrip van die Skrif kan ons sien dat onderwys wat slegs gebaseer is op materiële en fisiese kennis, betreurenswaardig tekortskiet. Wanneer 'n onderwysstelsel die bestaan van God en van gees verwerp, dan verwerp dit die uiteindelike realiteit en uiteindelike waarheid!

**Die mensdom se mislukte onderwysstelsel**

Indien ons moderne onderwysstelsel nie al die antwoorde gee waarna ons soek nie, behoort ons ten minste beïndruk te wees met die stelsel self? Universiteite kan sekerlik suksesvol onderrig gee in sommige velde van materiële kennis. Wat gebeur egter wanneer hierdie instellings afgesny is van die waardes wat hul op koers behoort te hou?

Wat gaan aan in die moderne Universiteite? Lees hier wat een ongelukkige akademikus skryf: "Die gemiddelde Amerikaner hou vol om te dink die lesingsaal is die middelpunt van 'n Universiteit se aktiwiteite. Omdat dit goeie betrekkinge met die publiek (sowel as met die wetgewers) bewerk, moedig universiteite se administrateurs hierdie denkbeeldige idees aan. Tussen hulself weet hul egter hoe teenstrydig en absoluut onakuraat hulle is. 'n Vise-kanselier van 'n "Big Ten" Universiteit was gevra om die missie van sy skool te beskryf en het vyf verskillende gebiede van verantwoordelikheid gelys: Ekonomiese ontwikkeling, diens aan die staat, skepping van nuwe kennis en opleiding van studente vir 'n graad. *Dan uiteindelik, heel laaste, onderwys*" (*Profscam*, Sykes, bl. 29).

Die moderne Universiteit het afgedwaal van sy oorsprong. Dit verklein nie slegs die onderrig van waardes nie, dit verklein die waarde van onderrig. Daar is sekerlik waarde in navorsing en in ekonomiese ontwikkeling en openbare diens. Ware onderwys, soos die Skrif dit voorhou, gaan egter verder as die voortbring van kennis: Dit moet onderrig gee in die geestelike waardes waarsonder al die ander werk na ondergang lei!

Kan iemand ooit volledig opgelei wees sonder om die verskil tussen reg en verkeerd te ken? Die apostel Paulus het daardie slim mense wat die waarheid en die werklikheid van God verwerp het, kragtig veroordeel: "Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die **waarheid onderdruk**, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword" (Romeine 1:18-22).

Reg deur die Bybel is veroordeling van anti-God onderwys baie sterk: "Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle *hul* dade; daar is niemand wat goed doen nie. Die HERE het uit die hemel neergesien op die mensekinders, om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra. Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen, ook nie een nie. Het al die werkers van ongeregtigheid dan geen kennis nie, die wat my volk opeet *asof* hulle brood eet? Hulle roep die HERE nie aan nie" (Psalm 14:1-4).

God wil graag heilige, regverdige karakter in Sy mense ontwikkel. God wil hê dat Sy mense moet groei in die soort goddelike kennis wat hulle sal lei om "die Here aan te roep", om toe te gee aan Sy Heilige Gees en om goed te doen (verwys ook na Mattheüs 4:4; Lukas 4:4). Deur bestudering van God se Woord en om Bybelse kennis toe te pas in alles wat ons dink, sê en doen, kan ons begin om die trefkrag van Jesus se stelling te verstaan, toe Hy gesê het: "Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê" (Johannes 10:10).

Hoe eien ons egter oorvloedige lewe? Die Grieke het gesoek na wysheid en die Jode na wondertekens van God se mag. Die apostel Paulus het verduidelik dat die Seun van God albei hierdie elemente beliggaam, ver bo die beperkings van sterflike mense: "... want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God. Want wat

*Vervolg op bladsy 15*

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** Wanneer ek u tydskrif lees besef ek hoe ernstig Jesus Christus wil hê dat Sy volgelinge Hom moet gehoorsaam. Na jare van gebed en Bybelstudie kry ek dit egter nie reg om Hom te gehoorsaam en geestelik soveel te groei as wat ek graag sou wou nie. Daar is mense wat sê al wat ek moet doen is om te "glo" – en ek glo wel – waarom vind ek dit dan so moeilik om Jesus se opdragte te gehoorsaam?

**ANTWOORD:** Geloof is sekerlik u eerste noodsaaklike stap om 'n Christen te word. W*at* moet u egter glo – en daarna doen? Jesus sê: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Markus 16:16). Let daarop dat om slegs te glo nie genoeg is nie. Ons lees: "Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder" (Jakobus 2:19). Dit is noodsaaklik om op u geloof te *handel* en gedoop te word. Wat moet egter vóór die doop kom? Kyk wat het die apostel Petrus op Pinkster aan die skare gesê: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).

Voordat hy gedoop is, het die apostel Paulus gedink dat hy "onberispelik" was in sy ywerige gehoorsaamheid aan God se Wet (Filippense 3:5-6). Slegs nadat God hom platgeslaan het op pad na Damaskus het Paulus begin besef dat hy besig was met 'n nuttelose poging om redding te verkry deur sy eie werke. Het Paulus dit egter altyd maklik gevind om die begeertes van die vlees te oorwin en God te gehoorsaam? Kyk wat skryf hy: "Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig. Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens; maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is. Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!" (Romeine 7:21-25).

Ja, selfs ná sy doop het Paulus geweet dat hy sy eie menslike wil saam met die Heilige Gees moet gebruik om die sondige neigings te oorwin wat hy in homself bespeur het. Die doop is nie 'n soort "magiese koeël" wat ons volmaak maak nie, ook stel dit ons nie vry van die noodsaaklikheid om God te gehoorsaam nie. Wat dit ***wel doen*** is om aan ons God se hulp te verleen om Hom te gehoorsaam. Dit word gedoen deur die gawe van die Heilige Gees en deur die ***vergifnis*** wat Hy skenk wanneer ons diep berou het oor ons ongehoorsaamheid. "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig" (1 Johannes 1:9).

Jesus Christus, die Woord van God (Johannes 1:1-5), het na hierdie aarde gekom om in die vlees onder die mensdom te leef en daardeur te bewys dat ons, as mense, wel ons Skepper se Wette kan gehoorsaam – nie deur ons eie krag nie maar deur die krag van God wat in ons leef, soos Hy in Jesus geleef het. "Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs – Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het" (Hebreërs 5:7-8). Ja, Christus het gely, gehoorsaamheid geleer – en geloof openbaar!

Wat van werke? Ons lees: "Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon" (Jakobus 2:17-18).

Werke – ons uiterlike uitlewing van die eise van ons geloof – is nie die ***manier*** waardeur ons redding verkry nie. Dit is die ***gevolge*** van ons geloof wat ons deur die krag van die Heilige Gees uitleef.

Indien God u roep tot ware berou tot bekering en behoorlike doop, moedig ons u aan om kontak te maak met ons streekskantoor die naaste aan u, soos gelys op bl. 2 van hierdie tydskrif. Met God se hulp kan u Hom gehoorsaam en die vreugde en baie seëninge smaak wat kom wanneer u volgens God se weg lewe! WvM

# Profesie neem

## Eindtyd godsdienstige misleiding!

Jesus se dissipels het Hom gevra: "Wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" Sy antwoord was: "*Pas op* dat niemand julle *mislei* nie. Want *baie* sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal *baie mense mislei*" (Mattheüs 24:3-5). Jesus en Sy dissipels het *herhaaldelik gewaarsku* dat *godsdienstige misleiding* 'n *groot kwessie* sal wees namate die wêreld die wederkoms van Jesus Christus nader. Bewyse bou op in ons hedendaagse samelewing wat daarop dui dat hierdie antieke profesieë vandag besig is om *gestalte aan te neem*, en die verhoog word voorberei vir hulle uiteindelike vervulling in die jare wat binnekort voorlê!

**Misleiding geprofeteer!**

Drie verskillende evangelie-skrywers boekstaaf Jesus se waarskuwings dat *baie* vals leraars *baie* mense sal *mislei* namate die einde van hierdie tydvak nader kom (sien Mattheüs 24:3-5, 11, 24; Markus 13:5-6; Lukas 21:7-8). Jesus het selfs gewaarsku: "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal *groot tekens en wonders doen* om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes *te mislei*" (Mattheüs 24:24). Jesus het hierdie waarskuwings uitgereik om gelowiges te help om misleiding te vermy (Mattheüs 24:25; Johannes 16:1-4). Die apostel Paulus het by baie geleenthede soortgelyke waarskuwings gerig. Hy het gewaarsku dat vals leraars wat deur 'n *ander gees* gelei word, 'n *ander evangelie* sal verkondig as wat deur Jesus verkondig is, en mense sal *mislei* word om *'n vals Jesus* te aanvaar wat nie die Jesus van die Skrif is nie (2 Korinthiërs 11:3-4). Die *Bybelse Jes*us is *nie* op Kersdag gebore nie, en het *nie* verkondig dat Christene hulle ewige beloning in die hemel sal hê nie (Johannes 3:13; Handelinge 2:34; 13:36). Die *ware* Jesus het *nie* weggedoen met die Sabbat of die Heilige Dae nie; Hy het daardie dae onderhou, soos ook die vroeëre Kerk (Mattheüs 5:17; Lukas 4:16; Handelinge 17:2). Paulus het geskryf dat vals leraars wat ander leerstellings verkondig *hulleself sal voordoen* as dienaars van Jesus Christus, alhoewel Satan hulle in werklikheid gebruik om baie mense te mislei (2 Korinthiërs 11:13-15). Die apostel Petrus het ook die verskyning van vals leraars voorsien wat "verderflike ketterye heimlik sal invoer ... en *baie* sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die *weg van die waarheid* gelaster word" (2 Petrus 2:1-3).

Die apostel Paulus het gewaarsku dat Christene "in die laaste dae" mense *moet vermy* "wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën" want sulke mense sal Christene op 'n dwaalspoor bring (2 Timotheus 3:1-9). Hierdie vals leraars sal opregte mense mislei deur gebruik te maak van slinkse argumente rondom leerstellings, mooiklinkende filosofiese beredenerings en emosionele beroepe op ydele menslike tradisies (sien Efesiërs 4:14; 5:6-7; Kolossense 2:8).

Paulus het verduidelik dat, kort voor Jesus Christus se wederkoms, 'n "mens van sonde" – 'n wettelose godsdienstige leier wat deur Satan beïnvloed is – groot getalle mense wat nie God se woord ken nie, gaan mislei deur aan hulle "allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen" te toon (2 Thessalonicense 2:1-15). Die apostel Johannes openbaar dat hierdie bose indiwidu "groot tekens" sal doen en "*hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens*" (Openbaring 13:11-18). Net voor Christus se wederkoms sal hierdie groot vals godsdienstige leier maak dat miljarde mense 'n magtige politieke figuur aanbid wat ook deur Satan beïnvloed sal word.

Satan is reeds vir 'n lang tyd besig om mense te mislei. Die Skrif openbaar duidelik dat hy

# gestalte aan

Adam en Eva mislei het (Genesis 3:13; 2 Korinthiërs 11:3; 1 Timotheüs 2:14). Sedertdien, as die "god van hierdie wêreld" (2 Korinthiërs 4:3-4) het Satan *die hele wêreld mislei* met verkeerde idees oor godsdiens (Openbaring 12:9). So moeilik as wat dit vir baie mense mag wees om te glo, openbaar die Skrif dat voor die Wederkoms van Jesus Christus, Satan twee mense gaan beïnvloed – 'n magtige politieke figuur genaamd die "Dier" en 'n wonderwerkende godsdienstige leier van wêreld formaat – om die mense van hierdie wêreld te mislei om Satan self te volg!

**Vals profete en leraars**

Vandag het die wonders van moderne tegnologie – insluitend radio, televisie en die Internet – dit moontlik gemaak vir honderde en duisende selfverklaarde predikers en leraars om tallose teenstrydige idees oor godsdiens oor die wêreld te versprei. Sommige van hierdie leraars maak daarop aanspraak dat hulle visioene sien, met God praat en besondere openbarings oor die toekoms uit geestelike bronne ontvang. Die Internet, televisie, radio en gedrukte media word oorstroom deur vreemde idees oor godsdiens. Alhoewel baie predikante daarop aanspraak maak dat hulle uit die Bybel preek, stem hulle gereeld nie saam met ander wat ook aanspraak maak dat hulle uit die Bybel preek nie. Ander godsdienstige leraars beweer dat hulle verborge waarhede in ander "heilige" geskrifte of "verlore" evangelies gevind het, wat verantwoordelike geleerdes van die Bybel reeds lankal as vals verwerp het. Dit is aan die elektroniese media te danke dat ons moderne wêreld oorstroom is van godsdienstige leraars. Dit *wemel* van vals leraars, en *baie* kom in die naam van Jesus Christus – en hulle *mislei baie mense* – net soos profesieë van die Bybel lankal voorspel het!

**Hoe misleiding plaasvind**

Waarom het Jesus en die Apostels so baie waarskuwings geboekstaaf oor godsdienstige misleiding wat aan die einde van hierdie tydvak sal plaasvind? Hoe het hulle geweet dat dit sou gebeur? Die God van die Bybel openbaar dat Hy alleen in staat is om die toekoms te voorspel (Jesaja 46:8-10). Hy weet dat Satan 'n leuenaar is (Johannes 8:44) wat daarop uit is om God se plan van redding te dwarsboom deur die beïnvloeding van niksvermoedende mense wat ontvanklik is vir sy misleidende bedrywighede. Gedurende die laaste eeu in die sogenaamde Westerse "Christelike" wêreld het ons gesien hoe wêreldlike akademici, teoloë, opvoeders en ateïste nie slegs twyfel saai nie maar selfs die Bybel, en selfs die idee van God se bestaan, belaglik maak! Deesdae is dit teen die wet om te bid of die Skrif te lees in baie openbare skole. Baie van hierdie wêreld se mees prominente teoloë glo nie in 'n persoonlike God nie en beskou die Bybel nie as die geïnspireerde woord van God nie; vir hulle is dit vermoedelik net 'n ander boek vol mites en legendes! Hierdie gesindheid van twyfel en ongeloof het ons gemeenskappe deurtrek tot die punt waar baie mense nie eens die Bybel lees nie, dus weet hulle nie wat daarin staan nie. Studies het aangetoon dat groot getalle van mense in die Westerse wêreld vandag Bybel-ongeletterd is! Die meeste hedendaagse mense weet nie wat die Skrif profeteer nie. Hulle weet nie dat Satan 'n werklikheid is nie, hulle weet nie hoe hy te werk gaan of wat sy bedoelings is nie. Dit alles verskaf 'n vrugbare teelaarde vir die saad van misleiding om uit te spruit en te groei – dit is wat ons vandag sien. Dit was lank gelede reeds deur die profeet Hosea voorspel, toe hy geskryf het: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis", omdat hulle God vergeet en Sy opdragte verwerp het – derhalwe sal ons ernstige gevolge as gevolg hiervan ly

(Hosea 4:6).

Namate die einde van hierdie huidige tydvak nader kom, kan u dit *vermy* om misleite word deur tyd te maak om die Bybel te *bestudeer* en te *leer* wat dit werklik sê (2 Timotheüs 2:15). Die Skrif vermaan ons: "Beproef alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21). Jesus Christus het gesê: "As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En *julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak*" (Johannes 8:31-32). Wydverspreide godsdienstige misleiding is geprofeteer om plaas te vind namate die einde van hierdie tydvak nader kom. Indien u weet wat aan die kom is en hoe dit sal kom, en indien u op u hoede bly en na God se woord kyk vir leiding, dan sal u nie mislei word nie!

***—Douglas S. Winnail***

***Vervolg vanaf bladsy 15 – 'n Omwenteling in Onderwys!***

ewig. Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing. Ek het meer verstand as die ou mense, want ek bewaar u bevele. Ek het my voete teruggehou van elke verkeerde pad, dat ek u woord kan bewaar. Ek het van u verordeninge nie afgewyk nie, want Ú het my geleer" (Psalm 119:97-102).

God het Koning Dawid geleer en God wil al Sy mense leer. Wanneer u eers begin met die toepassing van die geestelike wette van God soos wat dit in die Bybel geleer word en soos dit deur Jesus Christus vervul is in die Bergpredikasie, kan u groter begrip en ware kennis verkry. Ons lees immers in Psalm 111:10: "Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand".

Namate u daarna streef om Hom te gehoorsaam, sal God aan u, deur die Heilige Gees, geestelike kennis openbaar. Paulus gaan voort om die verskil tussen die kennis van 'n bekeerde Christen en dié van 'n onbekeerde persoon te beskryf: "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het" (1 Korinthiërs 2:11-12).

Net soos 'n dierlike brein nie die "dinge van 'n mens " kan verstaan nie, netso kan die vleeslike, natuurlike verstand nie die "dinge van God" verstaan nie. Paulus verduidelik verder: "Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word" (1 Korinthiërs 2:14). Geestelike waarheid word geestelik onderskei; dit kan nie deur die natuurlike menslike intellek, sonder die gawe van God se Heilige Gees, verkry word nie (Handelinge 2:38).

Omdat dit ware onderwys verwerp het, ken ons moderne wêreld nie die weg na ware vrede nie. Christene kan egter weet wat die waarheid is en kan uitsien na 'n tyd wat nou vinnig nader kom, wanneer alle nasies uiteindelik studente sal word van die Groot Leermeester. Hoe sal die onderwys van môre daar uitsien? Die Skrif gee die volgende bemoedigende beskrywing: "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:2-4).

So 'n vrede kan slegs na hierdie wêreld kom deur ware onderwys, in die toekomstige Koninkryk van God. U kan egter nou vrede hê in u eie lewe. 'n Omwenteling in onderwys sal spoedig vir die hele wêreld kom, maar u kan dieselfde in u eie lewe hê deur die Bybel te bestudeer – die beginpunt van waarheid. Soos Jesus Christus gesê het: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Johannes 14:6). Daardie waarheid sal u lewe vir ewig verander! WvM

***Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik***

"sentimentele" idees wat eerlik **niks bewys nie**. Sy sê: "Die beste teologie is 'n geestelike oefening soortgelyk aan digkuns. Godsdiens is nie 'n eksakte wetenskap nie maar 'n soort van kuns wat, soos musiek of skilderkuns, ons bekend stel aan 'n vorm van kennis wat anders is as die suiwer rasionele en wat nie maklik in woorde uitgedruk kan word nie".

*Sy* moes dit inderdaad moeilik gevind het om haar idees logies in woorde uit te druk! Dit is jammer dat, in die naam van "godsdiens", *hierdie soort* antwoord gekies en veronderstel was om die ateïs Richard Dawkins te weerlê. Haar antwoord toon *geen insig* in ware godsdiens nie – nog minder van 'n opregte benadering tot die God van die Bybel.

'n Deel van die probleem wat hierdie verwarde indiwidue in die gesig staar, word geopenbaar in die stelling van Aldous Huxley in sy welbekende boek, "*Ends and Means".* Hierdie beroemde denker en filosoof erken: "Die meeste onkunde is oorkombare onkunde. Ons weet nie omdat ons nie wil weet nie. Dit is óns wil wat besluit hoe en op watter onderwerpe ons ons intelligensie gaan gebruik. Diegene wat oor die algemeen geen sin in die wêreld sien nie, doen dit omdat dit om een of ander rede hulle boeke pas dat die wêreld sinloos moet wees" (bl. 312).

Dit is inderdaad nie "in die mode" om in 'n **ware God** te glo nie. Mense hou daarvan om die waarheid van profesie wat geopenbaar word in Sy geinspireerde woord, die Bybel, te ontken. Die waarheid bly nogtans staan! Indien u dit nog nie gedoen het nie, skryf vir u gratis intekening op ons *Wêreld van Môre se Bybelstudiekursus*. Daar sal u vir uself die waarheid oor vervulde profesieë leer. Daar sal u byvoorbeeld sien hoe God vir Jesaja geïnspireer het om 200 jaar voor die tyd, die handelinge van Koning Kores van Persië te beskryf – gebeure wat deur wêreldlike geskiedenis en u Bybel gestaaf word! Ja, my vriende, daar is 'n **werklike** God! *Is hy 'n werklikheid vir u?*

Mense sal eersdaags in God **moet begin** glo **–** want Hy begin *reeds nou* om kragtig in wêreldgebeure in te gryp op die baie besondere wyses waarvan ons by die *Wêreld van Môre* u reeds jare lank al vertel! *Vervulde profesieë* is *baie* moeilik vir skeptici om te weerlê. Dit het nie alleenlik slegs *reeds gebeur* nie – soos ek aangedui het – maar u kan dit *nou* voortdurend reg om u sien gebeur, **indien** u waarlik profesieë verstaan en u dagblaaie lees of na 'n televisiekanaal kyk wat werklik wêreldnuus uitsaai.

Hierdie *einste Werk* – wat die *Tomorrow's World se* televisieprogram en die *Wêreld van Môre*-tydskrif produseer – is 'n voortsetting van die Werk wat gelei was deur mnr. Herbert W. Armstrong – 'n welbekende dienaar van Christus wat in 1986 op die ouderdom van 93 gesterf het. Hy het in Augustus 1950 in die tydsrif, "*The Plain Truth",* geskryf: "Geen uit-en-uit volskaalse oorlog is voorspel tussen Rusland en die Verenigde State nie. Die beroemde profesie van Esegiël 38 en 39 voorspel 'n Russiese inval in Palestina, heelwat later, nie teen die Noord Amerikaanse kontinent nie" (bl. 2).

Onthou, geagte leser, dáárdie tyd het die oorgrote meerderheid Bybelse "profesie studente" verkondig dat Esegiël 38 'n Russiese aanval op die Noord Amerikaanse vasteland voorspel! Dikwels, soos ons herhaaldelik opgemerk het, het meneer Armstrong heeltemal *alleen gestaan* in die verkondiging van die **Waarheid** van wat werklik *gebeur het of besig was om te gebeur* in wêreldaangeleenthede.

In April 1952 het mnr. Armstrong in "*The Good News"* geskryf en aangekondig dat (gedurende 'n tyd wanneer omtrent **niemand** dit verwag het nie): "Rusland mag Oos-Duitsland aan die Duitsers teruggee en sal gedwing word om haar beheer oor Hongarye, Tsjeggo-Slowakye en dele van Oostenryk prys te gee om die tien nasie eenheid te voltooi. Europa sal 'n vrye hand hê om Amerika en Brittanje te vernietig, soos voorspel is" (bl. 16).

Hoe is dit **moontlik** dat mnr. Armstrong 37 jaar vooruit kon geweet het dat Rusland **nie** Amerika se grootste uitdaging sou word nie **–** en ons **nie** direk sou aanval nie? Hoe kon hy geweet het dat Rusland in werklikheid Oos-Duitsland

aan die Duitsers sou teruggee en gedwing sou wees om haar beheer oor Hongarye, Tsjeggo-Slowakye en dele van Oostenryk prys te gee?

Die rede is, my vriende, dat daar 'n **ware** God is wat hierdie inligting in Sy Heilige Bybel geïnspireer het! Daardie selfde God praat **nou** met u verstand deur hierdie Werk! Ons het aan u vertel dat *tensy* Amerika en die nasies wat van die Britte afstam tot 'n opregte *nasionale bekering* kom soos wat nog nooit voorheen gesien is nie, sal hulle voortgaan op hulle afwaartse spiraal! Dit sal voorkom asof byna *alles* verkeerd gaan. Die Ewige God het mos aan ons voorvaders gesê dat indien ons **nie** Sy gebooie en insettinge gehoorsaam nie, Hy "**verskrikking**" oor ons sal beskik en dan "tering en die koors" (Levitikus 26:14-17). Ons het getuienis **–** en *sal voortgaan* om te getuig – van alle soorte **terreur**, insluitende *terroriste-aanvalle* op ons stede, ons hawens, ons lughawens, ons spoorwegstasies en al ons ander vorms van vervoer. Ons sal ook eersdaags 'n tyd betree van "tering en die koors" soos ons dit nog *nooit voorheen beleef het nie*.

God sê aan ons dat indien ons ons nie bekeer nie, dan sal Hy ons "trotse mag **verbreek**" (Levitikus 26:19).

Om hierdie **feite** te verstaan, skryf asseblief en vra vir ons *gratis* boekies, *Die ware God – Bewyse en Beloftes* asook *Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake.* U het hierdie uiters belangrike inligting **nodig**! Dit is nodig dat u die intellektuele en geestelike eerlikheid aan die dag lê om *aan uself te bewys* dat die meeste van die "geleerde dwase" om u wat God se bestaan ontken, diegene is wat *werklik* "uit voeling" is!

Dit is nodig dat u – *met u hele hart* – in aanraking kom met die **ware God** wat aan u lewe en asem gee. Hy wat **nou** in menslike sake ingryp voordat Hy Sy **werklike** Koninkryk of Wêreldregering vestig om uiteindelik vrede te bring na 'n baie verwarde wêreld. Mag God u ook help om gewillig te wees om ware **feite** onder oë te sien. En mag Hy u help om te **hande**l volgens die kosbare Waarheid wat Hy alleen kan verskaf!




# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**